HOOFSTUK IV

GELOOFSEKERHEID (EN TWYFEL) BY DIE STUDENT

Dit is nie genoeg om te weet waaruit die twyfel opkom of waardeur die geloof aangeveg word nie. Dit is ook nodig om te weet waaraan getwyfel en geglo word en watter ontwikkeling die geloofsoortuiging van die student deurloop, met ander woorde wát die werklike resultaat van die inwerking van faktore genoem in die vorige hoofstuk op die onderhawige lewensfase is - meer besonder op die student; nog meer besonder op die Afrikaanse onderwysstudent.

Alvorens aandag gegee word aan geloofsekerheid en twyfel by die student, moet dié besondere lewensfase kortliks getipeer word ter wille van perspektief.

A. TIPERING

1.0 Die laat-adolessensie

Die lewensfase wat aan die volwassenheid voorafgaan staan bekend as die adolessensie. Die oorgangstadium tussen adolessensie en volwassenheid vorm die veld van ondersoek in hierdie studie en word die laat-adolessensie genoem. Dit kan ook die vroeg-volwassenheid genoem word en word arbitrêr gestel tussen 17/18 en 22/23 jaar. [1)]

Om die laat-adolessensie in die juiste perspektief te sien, is dit nodig om kortliks aandag aan die voorafgaande puberteit te gee.

Die puber worstel met die vraag na die verhouding van dinge, veral met die verhouding ek-wêreld, wat vir hom die sentrale lewensvraag word. [2)] Dit is die begin van die fase van worsteling om innerlike stabiliteit. Vandaar sy onaanpasbaarheid na buite met die gevolglike konflik met persone en instansies in die omgewing. Dit is 'n wordingsworsteling [3)] - 'n soeke na klaarheid oor

---

1. Vgl. Prins, S.J. Kerksheid, persoonlikheidstrekke en agtergrond by vroegvolwassenes, p. 31.
2. Vgl. Waterink, J. Puberteit, p. 25.
3. Vgl. Prins, S.J., op. cit., p. 31.

die sin van die lewe.

Op die puberteit volg die adolessensie wanneer die individu wat emosioneel nog onryp is liggaamlike en verstandelike volwassenheid nader. Hy is helder bewus van sy eie spesiale bestaan en terselfdertyd is hy 'n eensame mens. [4] Hoewel die adolessent hom sosiaal rig, gaan hy nog mank aan die lewenservaring van die volwassene. Met onsekere en wankele skredes moet hy buite die veilige en vertroude milieu van sy ouerhuis sy eie weg vind. Hy is basies 'n onsekere mens. [5] Daarby staan hy onder invloed van die tydsgees en ander faktore wat sy onsekerheid voed. [6]

Langsamerhand - soos ook uit eie ondersoek blyk [7] - bring die voortgroeiing na volwassenheid (van die eerste tot die vierde jaar by studente) meer stabiliteit, 'n beter geïntegreerde persoonlikheid, meer selfvertroue, selfverwesenlikingsidealisme, gefundeer op 'n lewensfilosofie. [8] By vele bly die onsekerheid voortbestaan tot in die volwasse fase.

2.0 Die godsdiens van die laat-adolessent

Die godsdienstige ontwikkeling van die laat-adolessent is nie los te maak van sy totale ontwikkeling nie: "In reality the whole personality of a young person grows, and with it his religion." [9] Hierdie godsdienstige ontwaking kan 'n geleidelike ontwikkeling wees waarin 'n aanhoudende maar stadige hersiening van die kinderlike godsdienstige opvattings en oortuigings plaasvind. Die ontwaking kan egter ook snel wees en bring dan fel emosionele ervarings mee. [10]

---

4. Vgl. Kupky, O. The religious development of adolescents, p. 96.

5. Vgl. Prins, S.J., op. cit., p. 32.

6. Vgl. supra p. 89 e.v.

7. Vgl. eie ondersoek hierna, d.i. C. op p. 140 e.v.

8. Prins, S.J., op. cit., p. 33.

9. Kupky, O., op. cit., p. 109.

10. Vgl. Cruze, W.W. Adolescent psychology and development; p. 263.

In die godsdienstige ontwikkeling openbaar die volgende sigself as kenmerkend van die laat-adolessensie:

1) Daar is by baie 'n pynigende besef van onvolmaaktheid. Die sondebesef is sterk. Die kontras van die eie lewe met die ideële word ervaar as iets skuldigs, as sondig. [11] Weliswaar is hierdie tendens by die laat-adolessensie reeds swakker aanwesig as op 'n vroeë stadium.

2) Bandel stel 'n volgende probleem só: Die onsekerheid en twyfel ontstaan onder meer as daar kontak kom met 'n breër sosiale kring; ook as die intellek ontwikkel en voorstellinge ryp wat die tradisionele geloof, hetsy vrysinnig of nie, skyn te ondermyn. "Veel schijnt weg te vallen en ... het nieuwe, dat het oude moet vervangen is er nog niet." [12] Die gevolg hiervan is baie twyfel. [13] Starbuck het gevind dat 53% van die vroulike en 79% van die manlike proefpersone in sy ondersoek 'n "distinct period of doubt" ervaar het, en onder die manlikes was daar 78% wat hulle twyfel aan "educational influences" toegeskryf het. [14]

3) Die "Sturm und Drang" kom ook uit in ernstige, soms wanhopige pogings om eie hartstogte te beheers. [15]

4) Dames en mans van hierdie lewensfase openbaar verskille ten opsigte van geloof en twyfel. Die mans se twyfel lê veral op die verstandelike, uiterlike vlak, terwyl dames in die hart van dinge leef en twyfel.

5) 'n Periode van vervreemding wat enkele maande, jare of vir altyd kan duur, tree in hierdie periode in.

Teen die agtergrond van hierdie beknopte kenskets van die laat-adolessente godsdiens sal die groot mate van twyfel en selfs ongeloof waarby vervolgens (in

---

11. Vgl. Strommen, M. The relation of Christian theology to psychological research. Religious education, LX: 199-208, Mei-Junie 1965.

12. Bandel, H.M.W. Rijpere jeugd en religieuse ontwikkeling, p. 149; vgl. ook Cruze, W.W., op. cit., p. 264.

13. Vgl. Kupky, O., op. cit., p. 85.

14. Aangehaal deur Hadden, J.K. & Evans, R.R. Some correlates of religious participation among college freshmen. Religious education, Vol. LX: 277-285, Julie-Augustus 1965.

15. Vgl. Bandel, H.M.W., op. cit., p. 149.

sommige sake) gekom word nie veel verbasing wek nie.

Vervolgens word uit die karige aantal studies wat (sommige slegs rakelings) oor die ontwikkeling van geloofsekerheid en twyfel in die laat-adolessensie handel die belangrikstes uitgelig en in breër besonderhede behandel. Dit sal aangevul word met gegewens uit ander kleiner ondersoeke.

B. VROEËRE ONDERSOEKE NA GELOOF EN TWYFEL BY STUDENTE

1.0 Die ondersoek van R.G. Kuhlen en M. Arnold [16]

Deur middel van 'n questionnaire wat gehandel het oor verskeie godsdienstige oortuigings en wat aan 547 twaalf-, vyftien- en agttienjarige proefpersone voorgelê is, is die volgende resultate verkry.

Baie besliste verandering in oortuiging tree in gedurende dié periode van ses jaar. Die ontwikkeling is in die rigting van verwerping van dogmatiese kwessies soos: Elke woord in die Bybel is waar. Daarby word belangrike veranderinge in die houding ten opsigte van God, hemel, hel en die funksie en effektiwiteit van die gebed ontbloot. 'n Toenemende verdraagsaamheid teenoor andersdenkendes is vasgestel uit reaksie op die stelling: Katolieke, Jode en Protestante is ewe goed. Die oortuiging dat dit so is, het toegeneem van 67% by twaalfjariges tot 89% by vyftienjariges en 86% by agttienjariges.

Uit die ondersoek blyk duidelik dat agttienjariges veel meer twyfel as jonger leerlinge ervaar.

Aangesien slegs die agttienjarige binne die veld van ons ondersoek val, word alleen hulle antwoorde van "glo", "glo nie" en "twyfel" hierby weergegee in persentasies. [17]

---

16. Age differences in religious beliefs and problems during adolescence. Journal of genetic psychology, 65: 291-300, 1944.

17. Vgl. bylae I; d.i. tabel A.

2.0 Die ondersoek van G.J. Dudycha [18]

2.1 Waardering

Die doel van sy studie was om lig te werp op die vraag of "religious fervor, which was so evident in youths two generations ago, has been annihilated or if young people still do hold religious convictions of which they are unashamed" en dan verder ook "to ascertain the nature and extent of religious beliefs of college freshmen and college seniors".

Vyf-en-twintig godsdienstige stellings en konsepsies is voorgelê aan eerstejaars en seniors by sewe Amerikaanse kolleges en universiteite aan die begin van die termyn 1930-31.

Die vraelys moes beantwoord word deur A, B, C, D of E na elke stelling te merk. Dié vyf letters het dieselfde betekenisse aangedui as wat by die eie vraelys van skrywer gegee is [19], te wete

A: indien dit onwrikbaar vas geglo word.
B: indien hy twyfel maar tog geneig is om dit te glo.
C: indien hy nie weet of hy dit moet glo of nie.
D: indien hy dit nie glo nie maar tog nie seker is nie.
E: indien hy dit geheel en al nie glo nie.

Dudycha neem A en B as geloof, D en E as ongeloof en C as standpuntloosheid. Daarmee het hy egter 'n oordeelsfout begaan en wel om die volgende redes:

1) Geen plek word gegee aan twyfel indien A en B as geloof, D en E as ongeloof en C as standpuntloosheid of indifferensie of neutraliteit geneem word nie. Dit is psigologies onverantwoordbaar.

2) Die feit is verder dat dit verregaande is om te beweer dat B sekere geloof is, terwyl die verskil tussen A en B juis geleë is in die verskynsel van twyfel wat die sekerheid van A teenstaan. B en D is ongetwyfeld afwesigheid van oortuiging van die waarheid van die stelling of die teendeel daarvan

---

18. The religious beliefs of college students. Journal of applied psychology, 17: 585-603, 1933.

19. Vgl. eie vraelys: bylae III.

en is dus 'n openbaring van twyfel.

Daarom word hierna 'n ander interpretasie aan Dudycha se gegewens gegee as wat hyself daaraan gegee het. Die verskil met Dudycha lê in hoofsaak in die erkenning wat hier aan twyfel gegee word, wat egter in sý bevindinge grootliks genegeer word. Met A dus geneem as positiewe geloof, E geneem as negatiewe geloof en B, C en D as een of ander, swakker of hewiger vorm van twyfel, moet Dudycha se gegewens nou herïnterpreteer word.

2.2 Die resultate van 'n herïnterpretasie van Dudycha se ondersoek

a) Die godsdienstige opvattinge van eerstejaars

As die groep as geheel geneem word, kan gesê word dat elkeen gemiddeld 65% van die stellings vas geglo het (A), elkeen geneig was om 13% van die stellings te glo maar tog getwyfel het (B), elkeen nie geweet het wat om ten opsigte van 11% van die stellings te glo nie (C) en elkeen geneig was om 4% van die stellings nie te glo nie maar tog nie seker was nie (D); dat ten opsigte van 7% van die stellings daar negatiewe geloof was (E).

Waar negatiewe geloof hoog is, is die twyfel ook hoog.[20] Daar is 'n neiging om meer te glo aan die aangename (byvoorbeeld die hemel) as aan die onaangename (byvoorbeeld die hel).[21] Die geloof aan die hemel is naamlik te vinde by 66% van die proefpersone terwyl aan 'n hel slegs by 44% bestaan.

Geloof dat gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie noodsaaklik is (92%) en aan die bestaan van God (88%) is by verreweg die meeste aanwesig. Kort daarop volg geloof aan die siel se bestaan, die godheid van Christus en aan sy soenverdienste. Die krag van gebed is vir 75% 'n saak van sekerheid, terwyl 69% die Bybel as die Woord van God aanvaar en slegs 38% glo dat die wêreld in ses etmaaldae geskape is.[22]

---

20. Vgl. vraelys by eie ondersoek: bylae III.

21. Vgl. hierna p. 158.

22. Vgl. verder bylae II.

b) Die godsdienstige opvattings van seniors (vierdejaars)

Geloof is meer as ongeloof, maar daar is ook 'n baie groot mate van twyfel aanwesig. In die geval van ses uit die 25 stellings is die persentasie twyfel meer as sowel die geloof en ongeloof, terwyl by veel meer stellings die twyfel meer is as die geloof of as die ongeloof.

Die stellings wat die meeste geglo word, is die bestaan van God (83%) [23], die godheid van Christus (73%), die soendood van Jesus (69%), die bestaan van die siel (69%), die krag van gebed (62%), die vaderskap van God (60%) en die Tien Gebooie (76%). Die werklikheid van die sonde word deur 60% geglo. Die meeste glo nie aan die bestaan van 'n hel nie (30%), terwyl 47% twyfel en slegs 23% van die bestaan daarvan oortuig is. Die meeste glo egter wel aan 'n hemel (42%), hoewel 40% twyfel en slegs 18% die bestaan daarvan ontken.

In die laaste vyf stellings van die vraelys (te wete 21-25) is die ongeloof meer as die geloof. Dit is: die bestaan van die hel, hedendaagse wonderwerke, engele, die duiwel en dat die aarde in ses etmaaldae geskape is ("solar days").

c) 'n Vergelyking tussen die godsdienstige opvattinge eerstejaars en seniors

1) Die eerstejaars het 'n groter geneigdheid om die 25 stellings te glo as wat die seniors het. Die eerstejaars se geloof strek van 92% tot 30% terwyl dit by seniors respektiewelik 83% - 7% is.

2) Die geloof aan die bestaan van God toon 'n geringe vermindering van eerste tot vierde jaar, te wete vanaf 88% tot 83%, terwyl twyfel 16% by vierdejaars en 12% by eerstejaars is.

3) Eerstejaars vind geloof in hedendaagse wonderwerke die moeilikste (30% met 52% twyfel en 18% ongeloof),

---

23. Leuba, J.H. het in 'n baie ou studie (1916) bevind dat 82% van die dames en slegs 55% van die mans geglo het in 'n persoonlike God; vgl. Nelson, E. "Student attitudes toward religion. Genetic psychology monographs, 22: 323-423, 1940, p. 329.

terwyl seniors dit twee-en-twintigste plaas en die minste glo aan die stelling van 'n ses etmaaldaagse skepping (7% geloof, 34% twyfel en 59% ongeloof). By eerstejaars is geloof, twyfel en ongeloof in laasgenoemde stelling respektiewelik 38%, 43% en 19%.

Niks kan uit Dudycha se gegewens omtrent Sondagviering afgelei word nie, aangesien 'n groot aantal proefpersone Sewende Dag Adventiste was.

4) Verskeie ooreenkomste kan waargeneem word tussen die geloof en twyfel van eerstejaars en seniors:

a) Beide groepe is meer geneig om in die vergewing van sondes te glo as in die realiteit daarvan.

b) Meer is geneig om aan die bestaan van die hemel as aan die bestaan van die hel te glo.

c) Meer is geneig om aan die bestaan van engele as aan die bestaan van duiwels te glo.

d) Meer is geneig om aan 'n ewige lewe as aan die oordeelsdag te glo.

By elk van hierdie teenstellings word gesuggereer dat daar 'n neiging is om die aangename, die hoopvolle te aanvaar en die onaangename te ontken, te verdring selfs en daaroor twyfel te ervaar. By elk van die "onaangename" stellings is die twyfel veel hoër as by die "aangename" stellings. Dudycha som hierdie verskynsel treffend só op: "Heaven suggests golden streets and pearly gates but Hell suggest Dante's 'Inferno'." [24]

Om te konkludeer: Seniors is geneig om meer as eerstejaars te twyfel en meer negatiewe oortuigings as eerstejaars te hê maar glo essensieel nog min of meer aan dieselfde sake as eerstejaars.

Twee faktore moes veral 'n rol gespeel het by die ontwikkeling van geloof en twyfel by hierdie proefpersone oor 'n periode van vier jaar (hulle is aan die begin van die eerste en aan die einde van die vierde jaar getoets), te wete eerstens persoonlike volwasse-wording of ryping en tweedens opleiding aan die kollege of universiteit. [25]

---

24. Dudycha, G.J., op. cit., p. 603.

25. Vgl. Stark, R. On the incompatibility of religion and science. Journal for scientific study of religion, 3: 3-20, 1963.

Terwyl ryping juis meer stabiliteit in die persoonlikheid moes meegebring het en dus minder onsekerheid en twyfel tot gevolg behoort te hê, moet die toename in twyfel (teen die verwagting in) waarskynlik in 'n groot mate toegeskryf word aan die opleiding wat dan 'n "secularizing effect" op die studente moes gehad het. Hoewel Dudycha nie op so 'n moontlikheid wys nie, het Strommen wel melding gemaak van "the strong relationship between exposure to modern scholarship and a lessening of religious interest".[26] Ook het T.F. Hault, na 'n oorsig oor 'n aantal ondersoeke, hom genoop gevoel om te konkludeer "that education in secular subjects, even when supervised by sectarian groups, very often undermines traditional religious belief".[27] En nie alleen die akademiese werk nie maar ook die kollegemilieu self het 'n invloed op geloof en twyfel by die student: "A religious environment tends to lend stability to religious faith, and removal from a religious environment may shake the faith."[28]

3.0 Die ondersoek van E. Nelson[29]

3.1 Aard van ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek was om data ten opsigte van universiteit- en kollegestudente se houdinge teenoor die volgende godsdienstige terreine te versamel: Sondagviering; kerk; die werklikheid van God; die invloed van geloof in God op gedrag.

Dié ondersoek is in 1936 uitgevoer met 3749 studente aan 18 kolleges en universiteite van die V.S.A. en wel met vier toetse wat 'n antwoordtotaal van byna 'n halfmiljoen reaksies beteken. Die proefpersone is geneem uit vier staatsuniversiteite, ses Lutheraanse kolleges; drie inrigtings wat geaffilieer is met die "Society of Friends" en een verteenwoordigende kollege van elk van die volgende denominasies: Rooms Katoliek, Metodisties, Presbiteriaans, Sewende Dag Adventisties en United

---

26. Strommen, M., op. cit., p. 208.
27. Aangehaal deur Hadden & Evans, op. cit., p. 277.
28. Loc. cit.; vgl. hierna p. 183.
29. Op. cit.

Brethren. Hierdie universiteite en kolleges word wyd verspreid oor die grootste deel van die V.S.A. aangetref. Die groep proefpersone kan beskou word as verteenwoordigend van die Amerikaanse studentejeug van 1936.

Aangesien heelwat gegewens wat deur hierdie ondersoek verkry is, nie streng ter sake is by die onderhawige studie nie, word slegs fragmentariese gebruik daarvan gemaak. Veral sal aandag gegee word aan geslagsverskille en junior-senior-verskille in die houding teenoor onderskeie godsdienstige sake. [30)]

3.2 Godsdienstige houdinge

a) Die houding van studente teenoor Sondagviering

Dames is Sondagviering gunstiger gesind as mans. Veral by eerstejaars is dié verskil opvallend. Mans is in hulle eerstejaar effens meer ten gunste van Sondagviering as gedurende hulle senior jaar; by dames is dit andersom.

As groep is die eerstejaars meer as die seniors Sondagviering gunstig gesind.

b) Die houding van studente teenoor die kerk

Gedurende die eerste twee jare is die geslagsverskil beduidend, terwyl dit in die senior jare nie die geval is nie. Uit die hele groep word die gunstigste houding teenoor die kerk by eerstejaars gevind met gaandeweg 'n verswakking van dié houding in opeenvolgende jare daarna. Die dames is oor die algemeen meer as mans ten gunste van die kerk as instelling.

c) Studente se houding teenoor die werklikheid van God

Dames is effens meer as mans oortuig van die werklikheid van God. Die grootste verskil word in die tweede jaar aangetref. Die eerstejaar-finale jaar verskil is by dames beduidend maar nie by mans nie. 75% van studente aan staatsuniversiteite (wat nie 'n religieuse grondslag het nie maar sogenaamd neutraal is) glo in die bestaan van God in vergelyking met 84% by die totale groep proefpersone. Hier is dus weer 'n

---

30. Nelson, E., op. cit., pp. 337-353.

aanduiding dat die sogenaamde neutrale opleiding 'n sekulariserende effek het wat geloofsekerheid teenwerk. Dit blyk verder ook uit die feit dat terwyl die twyfelpersentasie by die groep as geheel 10.5% is dié by proefpersone uit die staatsuniversiteite 18% is. [31]

Dit is interessant dat Katz en Allport in 1920 in 'n ondersoek aan die Syracuse Universiteit bevind het dat die meeste studente die geloof aan 'n persoonlike Skepper en Regeerder van die heelal verwerp het en geglo het aan die idee van 'n vriendelike, intelligente Mag wat in ooreenstemming met die natuurwette optree. [32]

Nelson bevind dat dames meer geloof as mans in die bestaan van God openbaar het en ook in hulle houding meer homogeen as mans was.

d) <u>Studente se houding teenoor God as 'n invloed op hulle gedrag</u>

i) Die verskil tussen die twee geslagte se reaksie is hier dubbeld so groot as by die vorige toets. Nie alleen as 'n groep nie maar ook in elk van die jaargroepe is die dames meer geneig om te erken dat God hulle lewe beïnvloed.

ii) Van die totale aantal studente is slegs 6% ontkennend of ongelowig ten opsigte van die invloed van God op hulle lewens, terwyl 61% 'n sterk gelowige houding ten opsigte hiervan inneem. Uit die verskil tussen genoemde persentasies kan 'n twyfelpersentasie van 32% afgelei word. Van betekenis is hierby Leuba se studie van 1000 studente aan 10 kolleges in die V.S.A. in 1916 waardeur hy bevind het dat 32% van die mans en 17% van die dames geglo het dat die bestaan al dan nie van God geen verskil aan hulle lewens sou maak nie. Hierdie bevinding vergelyk dus ongunstig met dié van Nelson. [33]

iii) Weer eens is dit opvallend dat die situasie aan

---

31. Vgl. hierna pp. 14.

32. Vgl. Katz, D. & Allport, F.H. Student attitudes. Aangehaal deur Nelson, E., op. cit., p. 327.

33. Vgl. Nelson, E., op. cit., p. 329.

die sogenaamde neutrale staatsinrigtinge swakker is as by inrigtings met 'n verklaarde religieuse grondslag. Proefpersone verbonde aan staatsuniversiteite vertoon naamlik 'n groter ontkenningsyfer (ontkenning van God se invloed), te wete 12%, as die 6% wat die ontkenningsyfer vir die hele groep is.

3.3 Faktore wat verband hou met die godsdienstige houdinge van studente

Nelson kom uit voorgenoemde en ander gegewens tot die gevolgtrekking dat veral drie faktore studente se geloofshouding beïnvloed.

a) Konserwatisme-radikalisme

i) Eerstejaars het meer konserwatiewe houdinge as seniors. [34]

ii) Daar is groter homogeneïteit by eerstejaars as by seniors in hulle godsdienstige houdinge.

iii) In elk van die vier kollegejare is daar groter konserwatisme by dames as by mans. [35]

iv) Oor die algemeen is die jaargroep, geslag of inrigting wat die sterkste positiewe godsdienstige houdings het ook die meeste konserwatief.

b) Die kampus-faktor

Studente se godsdienstige houdings hou verband met studente-aktiwiteite op die kampus. Die in godsdienstige verenigings is ook die meeste positief in hulle godsdienstige houdings en in hulle houding teenoor die kollege.

---

34. Vgl. ook Katz & Allport se Syracuse-ondersoek waardeur hulle by seniors 'n meer liberale houding as by eerstejaars aangetref het.

35. Jones, E.S. het ook bevind dat manstudente meer liberaal as dames is. The opinions of college students. Journal of applied psychology, 10: 427-36, 1926. Soortgelyke resultate is verkry in 'n meer onlangse ondersoek waarin die "Watson-toets van Godsdienstige Denke" gegee is aan studente van die Sweet Briar College. Vgl. Cruze, W.W., op. cit., p. 266.

c) Ouerlike milieu

Vaders se beroepe (en dus die huislike agtergrond) het blykbaar groter invloed op kollegestudente se houdings as die klassifikasie in 'n jaargroep aan die kollege of universiteit.

3.4 Samevatting van bevindinge

Nelson vat sy gegewens kernagtig soos volg saam: "... a highly religious student would more likely be found in denominational colleges than in state universities, probably at a Catholic or an Adventist College, in the South rather than in the North or Midwest, in the freshmen class rather than among upper classmen, among college women rather than among men, among conservative students who strongly approve the college now attended, among students who are active in campus religious activities ... her home is probably a church parsonage." [36]

4.0 Die ondersoek van Van Doornik [37]

a) Hierdie Nederlander het geloof in 'n persoonlike God in 1938/39 (dus voor die Tweede Wêreldoorlog) en weer daarna in 1947/48 by jeugdiges getoets en bevind dat twyfel in die eerste toets 12.0% en in die laaste toets 10.9%. Hoewel hy dit as 'n afname in twyfel beskou, is die verskil waarskynlik eerder onbeduidend.

b) Ook het hy bevind dat onder die buite-kerklike jeug veel meer ateïsme, twyfel aan 'n persoonlike God en panteïsme aangetref word as by die Protestantse of Rooms Katolieke jeug. By laasgenoemde jeug is die minste ateïsme, twyfel en panteïsme gevind - wat verstaanbaar is uit die vaste hand waarmee die Roomse Kerk sy lidmate beheers.

c) Die wanverhouding tussen wetenskap en godsdienstige waarhede "is de grote oorzaak van inwendige conflicten". [38]

d) Onrus het 'n deel geword van die jeug; 'n diskontinuïteit met die verlede en verlating van ou norme en

---

36. Nelson, E., op. cit., p. 421.

37. Jeugd tussen God en chaos, 1948.

38. Van Doornik, op. cit., p. 285; vgl. hierna p. 191.

sekerhede word duidelik. "Onrust tekent deze generatie." [39]

e) Dis 'n psigologiese wetmatigheid dat 'n misterie makliker deur die jeug aanvaar word as dit nie alleen waar is nie maar ook heilig en troosvol blyk te wees. [40]

5.0 Die ondersoek gerapporteer deur C.D. Saal [41]

5.1 Geestelike emansipasie

Saal het aan die hand van 'n enquête wat onder beskerming van die Sosiologiese Instituut van Nederland in 1946/47 gehou is, bevind dat die studerende jeug (18 tot 25 jaar) 'n groter "geestelijke en sociale emancipatie" toon as ander jeugdige beroepsgroepe "waardoor de grenzen van eigen milieu doorbroken worden en openheid ontstaat voor de geestelijke waarden in ander levenskringen". Bowendien, so was Saal se bevinding, is hulle weens hulle intellektuele vorming tot introspeksie in staat en kan hulle aan hulle gedagtes en gevoelens meer adekwate formulering gee. [42]

5.2 Konflik tussen leer en lewe

Dié konflik waardeur afkeer in die kerk en in hulle wat die kerk verteenwoordig die gevolg is, ontstaan en skep in die geloofslewe van die jeug 'n akute probleem wat veel twyfel tot gevolg het. [43]

5.3 Tipologiese analise van die jeug

Saal het onder die jeug basies vier geloofstipes gevind:

a) Die gelowig-onkritiese tipe [44] aanvaar die geloof

---

39. Id., p. 12.

40. Vgl. supra p. 159.

41. Hoe leeft en denkt onze jeugd, 1950.

42. Saal, C.D., op. cit., p. 30.

43. Id., p. 32.

44. Vgl. Prins, S.J., op. cit., p. 154. Hy het bevind dat by laat-adolessente onderwysstudente (Afrikaanssprekend) 'n neiging tot kritiekloosheid aangetref word, maar daarnaas ook by ander 'n kritiese geneigdheid.

as iets vanselfsprekends en sonder probleme. Hierdie tipe is volgens Saal nie besonder verteenwoordigend van die Nederlandse studerende jeug nie. Binne dié tipe kan onderskei word tussen twee karaktertipes, naamlik die blymoediges (veral onder die Vrysinnige Hervormers en Rooms Katolieke) en die ernstige, swaarmoediges (veral onder die Gereformeerdes en Ortodokse Hervormers).

b) Die gelowig-kritiese tipe wat gekenmerk word deur sowel sy kritiese instelling ten opsigte van kerk en ampsdraers as ten opsigte van die kerkvolk, hetsy van die eie of 'n ander denominasie. Dit is die mees verteenwoordigende onder die studerende jeug.

c) Die ongelowig-onkritiese tipe staan nie prinsipieel afwysend teenoor die godsdiens nie maar het hom niks of noueliks op hierdie lewensvrae besin en dus ook geen gefundeerde mening nie. Dié tipe varieer van vriendelik onverskillig tot ru onverskillig en kom slegs sporadies voor onder die studerende jeug.

d) Die ongelowig-kritiese tipe sien in kerk en godsdiens 'n ernstige gevaar vir die rasionele denke van die mens, asook vir die bestaan van die individu en samelewing en reageer dan ook heftig en fel na aanleiding van vrae. Hierdie tipe word die meeste aangetref in intellektuele kringe (ook onder studente) maar kom ook in ander beroepsgroepe voor.

5.4 Die milieu en geloof [45]

Die statistiese analise van die enquête-materiaal van die Sosiologiese Instituut laat duidelik sien dat die ouerlike milieu van diepgaande invloed is op die geestelike vorming van die jeug. Die funksie van die gesin ten opsigte van godsdienstige vorming mag dus nie onderskat word nie - ewe min die milieu van die kollege of universiteit. [46]

Geloofsafval is die meeste gevind onder die Doopgesindes, Remonstrante, Lutherane en onder die vrysinnige rigting in die Nederlands Hervormde Kerk - waar die kerklike tug nie of skaars aanwesig is en in die gesin

---

45. Saal, C.D., op. cit., pp. 47, 48.

46. Vgl. hierna p. 183 e.v.

onvoldoende kompensasie hiervoor bestaan. Belangrik is ook die bevinding dat die jeug invloed van die ouers ten opsigte van die godsdiens ondergaan al gee die ouers nie bewustelik godsdienstige vorming nie.

5.5 Die sedelike aspek van die studerende jeug

Saal wys op twee sake van sedelike aard, te wete seks en alkohol.

a) Seksuele omgang voor die huwelik [47]

Twee vrae is gevra, naamlik

1) "Vind je geslachtelijke verkeer geoorloofd met een meisje, resp. jongen, waarmee je niet verloofd en ook niet gehuwd ben?" Hierop was die reaksie by die studerende jeug (18 tot 25 jaar) soos volg:

Wel geoorloof: Mans - 9% (10)
Dames - 3% (3)

Nie geoorloof: Mans - 91% (90)
Dames - 97% (97)

2) Die tweede vraag was: "Vind je geslachtelijke verkeer geoorloofd met je verloofde voor je huwelijk?"

Wel geoorloof: Mans - 26% (30)
Dames - 12% (14)

Nie geoorloof: Mans - 74% (70)
Dames - 88% (86)

L.W. Die persentasie tussen hakies is dié vir die jeug van alle beroepsgroepe saam. Dit is opmerklik dat die vroulike proefpersone 'n duideliker afwysende standpunt huldig as die mans. Origens is dit opmerklik dat die onkerklikes en vrysinniges minder afwysend teenoor geslagtelike omgang voor die huwelik staan as ander proefpersone. Dit lei tot die vermoede dat godsdiens 'n konserverende effek op die sedelike lewe het.

b) Jeug en alkohol

Saal kom tot die gevolgtrekking dat die persentasie studerende proefpersone wat afwysend ten opsigte van die gebruik van alkohol staan aanmerklik benede die gemiddeld

---

47. Vgl. bylae III, stelling 18 en die bespreking daarvan op p. 168.

vir die hele groep is.

Volgens Nelson [48] het F.K. Zimmerman in 1934 bevind dat godsdiens 'n sterk konserwatiewe mag is. In sy studie het tweemaal soveel van die nie-godsdienstige as godsdienstige persone die morele kode te streng gevind. Afskaffing is deur 29% meer van die godsdienstige as ongodsdienstige proefpersone voorgestaan. Sosialisme is voorgestaan deur tweemaal soveel ongodsdienstige as godsdienstige studente, terwyl godsdienstige studente egskeidings moeiliker verkrygbaar sou wou maak.

6.0 Die ondersoek van R.J. Rees (1966) [49]

6.1 Die aard daarvan

Aan die hand van 'n vraelys het Rees in Februarie 1966 'n ondersoek onder 500 derdejaar studente te Bangor, Cambridge en Oxford ingestel. Hy wou onder andere [50] antwoorde vind op die vraag: Wat glo die voorgraadse student? Onder die opskrif "what undergraduates believe" word 'n samevatting van wat sy ondersoek in dié verband blootgelê het in hoofstuk 4 van sy boek gegee. In hoofsaak gaan dit om die houdinge ten opsigte van vyf godsdienstige sake: kerkgang, geloof in God, gebed, die lewe na die dood en die historisiteit van Bybelgebeure.

6.2 Kerkgang [51]

a) 48% van die totale aantal proefpersone woon nooit 'n kerkdiens of "chapel" by nie; 32% doen dit gereeld en 20% slegs soms.

b) Die syfer vir gereelde kerkgang is by studente hoër as by die bevolking as geheel.

c) Oxford-studente se gereelde kerkgangpersentasie is laer as by Bangor en Cambridge. "It is tempting to account for higher frequency at Bangor and

---

48. Op. cit., p. 328.

49. Background and belief, 1967.

50. Nie alle vrae of resultate van Rees is hier streng ter sprake nie.

51. Vgl. Rees, R.J., op. cit., pp. 41-2.

Cambridge by pointing to the nonconformist traditions surrounding the former university (d.i. Oxford - H.J.S.S.) and the fact that only ex-boarding school students were studied at the latter." [52]

d) Damestudente is oor die algemeen gereelder kerkgangers as manstudente.

6.3 Geloof in God [53]

a) Die getal wat in God (of 'n god) glo, oortref die aantal agnostici en ateïste verreweg, naamlik met 2:1.

b) Dit is egter die minderheid wat die godheid van Christus aanvaar, naamlik in die ratio van 7:11.

c) Onder dié wat in God (of 'n god) glo, is daar 'n groep wat as deïste geklassifiseer kan word, aangesien hulle wel in 'n "Supreme Being" glo maar nie in openbaring of in die godheid van Christus nie.

d) Ateïste en agnostici tel 12% van die totaal.

e) Weer eens: "It will be noticed that the percentage of agnostics and atheïsts at Oxford (wat 'n "neutrale" tradisie het) is distinctly higher than at Cambridge [54] - a fact by no means wholly accounted for by the fact that most of the Cambridge students came from boarding schools". Want "a comparison between students from day schools and those from boarding schools reveals no significant differences in this aspect of belief".

f) Daar is geen opmerklike verskil tussen natuurwetenskap-studente en kuns- en lettere-studente ten opsigte van geloof in God nie.

g) Damestudente openbaar 'n opmerklik groter geloof as mans in sake geloof in God. [55]

---

52. Godsdiensonderrig is aan kosskole in Engeland vermoedelik op 'n hoër peil as in ander skole; vgl. egter 6.3(e) hierna wat hierdie vermoede bevraagteken.

53. Op. cit., pp. 43-6.

54. Vgl. hierna p. 176.

55. Rees wys egter daarop dat die aantal dames betrokke in sy ondersoek te klein was om veilige veralgemenings toe te laat. Nogtans kom hierdie

6.4 Gebed

a) Minder as 1 uit 5 bid gereeld. Dié wat nooit bid nie is 48%; dié wat soms bid 34%.

b) Oxford het tegelyk die hoogste persentasie wat nooit (58%) en wat gereeld (19%) bid. By Bangor is die persentasie wat nooit bid nie net 39.

c) Daar is meer natuurwetenskap-studente wat nooit bid nie as lettere-studente ("arts students"), te wete 55% teenoor 42%. Onder eersgenoemde groep is daar egter 10% meer as by laasgenoemde wat gereeld bid.

6.5 Die lewe na die dood

a) Daar is slegs 9% van die totale aantal proefpersone wat glo dat "there is eternal life after death for those who believe in God and seek to do his will, and there is some form of punishment or suffering after death for those who reject this belief". Onder dié wat verklaar dat hulle lid van 'n kerk is, glo 30% aan 'n lewe hierna.

b) Bangor studente is meer geneig om die idee van lewe hiernamaals te aanvaar as studente van Oxford of Cambridge.

c) Natuurwetenskap- en lettere-studente toon geen noemenswaardige verskil in hierdie opsig nie.

d) Dames is meer geneig tot geloof in hierdie stelling as wat met mans die geval is.

6.6 Geloof in die historisiteit van Bybelgebeure

a) Die onderskeie Bybelgebeure wat in die ondersoek ter sprake was en die persentasie studente wat aan die historisiteit daarvan glo, is soos volg:

	Gebeurtenis	%
1.	Die kruisiging van Jesus	88
2.	Paulus se skipbreuk	73
3.	Die val van Jerigo se mure	66
4.	Die opstanding van Jesus	36

---

bevinding van Rees ooreen met bevindinge in skrywer se ondersoek.

5. Die hemelvaart van Jesus 25
6. Die maagdelike geboorte van Jesus 19
7. Die verandering van water in wyn 17
8. Moses se ontvangs van die wetstafels 9
9. Die uitdrywing van Adam uit Eden 4

b) 'n Aparte ontleding van geloof van studente wat lid is van 'n kerk (die Church of England) bring die volgende aan die lig: uit 68 lede van die kerk aanvaar

68 ... die kruisiging as 'n historiese feit,
60 ... die opstanding,
35 ... die maagdelike geboorte,
29 ... die wonder te Kana en
52 ... die hemelvaart. [56]

c) Dit blyk dat algemene onkunde oor die inhoud van die Bybel wyd verspreid aangetref word.

d) Rees gee toe dat hy nie gepoog het om twyfel by studente vas te stel nie.

C. EIE ONDERSOEK

1.0 Die doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek was om te bepaal wat die werklikheid ten opsigte van geloof en twyfel by die Afrikaanse onderwysstudent is. Naas die dogmatiese ideaalstelling van geloofsekerheid [57] was dit ook nodig om die werklikheid te diagnoseer. Soos verderaan duidelik sal blyk, het hierdie ondersoek 'n deursnee jongmens vol twyfel en onsekerhede blootgelê maar ook 'n goeie kern. Die oogmerk met die vraelys was om 'n empiriese basis te verleen aan wat in hierdie verhandeling oor die problematiek van geloofsekerheid anders alleen in teorie gekonstateer sou word. Die gevaar van reduksering van die geloofsproblematiek van die jeug tot 'n paar statistiese gegewens, word begryp. Uit die oogmerke wat vir die vraestel geformuleer is, behoort dit egter vir elkeen duidelik te wees dat empiriese

---

56. Moet hierdie laasgenoemde syfer dalk 25 i.p.v. 52 wees? 'n Drukfout of skryffout is hier waarskynlik.

57. Vgl. hoofdeel EEN.

aanduiding of bevestiging van vermoedens sover is as wat met die vraelysmetode hier gegaan word. Nader bepaald was die doel om vas te stel

1) of studente twyfel;
2) oor watter sake veral getwyfel word in godsdienstig-sedelike opsig;
3) in watter mate twyfel oor die afsonderlike sake en oor die algemeen by die Afrikaanse onderwysstudent voorkom;
4) watter verskille ten opsigte van geloof en twyfel tussen studente van verskillende jaargroepe voorkom - dit wil sê of daar 'n duidelike toename in twyfel oor die studiejare heen is.
5) Ten slotte moes ook vasgestel word watter verskille tussen mans en dames ten opsigte van geloof en twyfel bestaan.

2.0 Die proefpersone

2.1 Getal

937 studente aan vier Transvaalse Afrikaanse onderwyskolleges was die proefpersone. Daarvan was 316 mans en 621 dames, 'n verhouding wat in ooreenstemming is met die werklike mans-dames-getalsverhouding aan Transvaalse onderwyskolleges. [58]

2.2 Ouderdom

Die proefpersone is volgens jaargroepe, te wete 1/3, 2/3, 3/3 en 4/4 gekies. [59] Uit die antwoorde op die vraelys blyk dat die ouderdomme van die proefpersone van 17 tot 23 jaar wissel - met slegs 9 proefpersone wat nog ouer is.

2.3 Seleksie

Daar is nie van vrywillige proefpersone gebruik gemaak nie, aangesien (volgens sommige ondersoekers) [60]

---

58. Volgens mededeling van 'n registrateur van 'n kollege is die mans-damesverhouding 1:2 by benadering.

59. Gerieflikheidshalwe word dié aan kolleges gebruiklike simbole vir eerste-, tweede-, derde-, en vierdejaar diplomagroepe gebruik.

60. Vgl. Brower, D. The role of incentive in psychological research. J. gen. psychol. 39: 145,

daar vasgestel is dat daar 'n verskil is tussen die resultate van 'n gedwonge en dié van 'n vrywillige groep. Die redes waarom 'n persoon vrywillig as proefpersoon optree, kan vir sy response in 'n eksperimentele situasie betekenisvol wees.

Uit elke jaargroep aan elk van die vier Afrikaanse onderwyskolleges in Transvaal is klasgroepe as proefpersone geneem. Die keuse van klasgroepe was van so 'n aard dat die kursusrigtinge betreklik goed verteenwoordig sou wees deur die proefpersone.[61]

In elke klasgroep wat geneem is, moes alle studente die vraelys beantwoord.

3.0 Werkwyse

3.1 Opstel van die vraelys

a) Eerste stap

Blanko papierstrokies is aan klasgroepe uit al vier jaargroepe aan 'n Afrikaanse onderwyskollege in Transvaal gedurende 1964 en 1965 uitgedeel waarop die studente anoniem en in drukskrif (indien verkies) 'n godsdienstig-sedelike saak of sake waaroor hulle werklik twyfel, moes neerskryf (indien daar so 'n saak was). Alle strokies, wat oor 'n periode van twee jaar geïn is (elke jaar by al vier jaargroepe), is ingeneem, of dit beskrewe was of nie, aan die einde van die periode waarin dit uitgedeel is. 'n Totaal van 600 strokies is op dié wyse ingesamel; daarvan was 280 blanko. Nie een geval van opsigtelike ligsinnigheid het voorgekom nie.

b) Tweede stap

Die frekwensie van sake waaroor getwyfel word, is vervolgens bereken. Dié sake waarvan die frekwensie 10% en meer was, is in vrae of stellings geformuleer. Hierdie konsepvraelys is vervolgens by enkele klasgroepe

---

1948; en Lasagna, L & Von Felsiger, J.M. The volunteer subject in research. Science, 120: 359-361, lg. aangehaal deur Prins, S.J., op. cit., p. 43.

61. Dit is die drie kursusrigtinge: junior primêre, senior primêre en middelbaargerigte kursusse.

afgeneem (ander groepe as dié waarvan die onderwerpe verkry is) en daarna met die studente bespreek om te bepaal of die formulerings vir misverstand vatbaar was al dan nie. In die lig van hierdie toets-en-weeg van die vraelys, iets wat herhaaldelik gedoen is gedurende die eerste semester van 1966, is 22 vrae of stellings geformuleer (vgl. Afdeling B van die vraelys). [62] Daarop moes die proefpersone een van vyf moontlike antwoorde gee:

A - as hulle dit onwrikbaar vas glo.
B - as hulle geneig voel om dit te glo maar tog twyfel.
C - as hulle nie weet of hulle dit glo of nie.
D - as hulle geneig voel om dit nie te glo nie maar tog nie seker is nie.
E - as hulle dit geheel en al nie glo nie.

Die betrokke letter moes met 'n kruisie gemerk word.

In afdeling A van die vraelys is geslag, ouderdom, jaargroep en kerkverband gevra.

In afdeling C is navraag gedoen na diverse sake wat vermoedelik verband hou met twyfel van die student en wat ook kan dien as kontrole van vrae onder afdeling B.

3.2 Beantwoording van die vraelys

Vervolgens is die gefinaliseerde vraelys vir beantwoording voorgelê aan die proefpersone. Dit het geskied gedurende Junie 1966.

Die toesighouers was senior personeellede verbonde aan die onderwyskolleges. Hulle is in 'n begeleidende dokument [63], aangevul deur persoonlike onderhoude van die ondersoeker met hulle, versoek om aan die proefpersone te verduidelik dat

a) die vraelys deel uitmaak van 'n uitgebreide noodsaaklike en wetenskaplike ondersoek na geloof en twyfel by studente; toesighouers moes egter nie laat blyk dat die ondersoeker 'n Bybeldosent is nie, aangesien dit die proefpersone se reaksie op die vrae kon beïnvloed.

---

62. Vgl. vraelys; d.i. bylae III.

63. Vgl. bylae VII.

b) dat die antwoorde op die vraelys onidentifiseerbaar is, aangesien name nie gevra word nie; dat alleen die ondersoeker die antwoorde sal hanteer; dat die toesighouers nie die antwoorde ter insae sal kry nie maar ten aanskoue van die groep in 'n koevert sal verseël;

c) dat dit volstrek noodsaaklik is dat eerlike antwoorde verstrek moet word; dat nie die kerk se standpunt of die openbare mening verlang word nie maar wel die proefpersoon se eie, persoonlike gevoel oor sake;

d) dat sommige vrae of bewerings noodwendig besonder reguit en op die man af gestel is omdat duidelike antwoorde nie anders as met duidelike vrae verkry kan word nie;

e) dat proefpersone niemand tydens die toets mag raadpleeg nie, behalwe die toesighouer, indien onduidelikheid oor 'n vraag of bewering ontstaan (Geen geval van misverstaan van vrae is deur toesighouers gerapporteer nie);

f) dat alle vrae asseblief beantwoord moet word.

3.3 Verwerking van gegewens

Die antwoorde op elke vraag is vir elke jaargroep (en daarby vir mans en dames afsonderlik) tot 'n persentasie omgewerk. [64]

By afdeling B van die vraelys word daar onderskei tussen positiewe geloof (P.G.) en negatiewe geloof (N.G.). Eersgenoemde is die tradisioneel gereformeerde standpunt; dit is op die vraelys A, behalwe by vrae 4, 5, 12 en 22 waar E die P.G. verteenwoordig. N.G. is dus E, behalwe by genoemde vrae waar dit A is. Twyfel (T.) word verteenwoordig deur B, C en D wat verskillende nuanses van die twyfel is. [65] T. is dus die totaal van B, C en D ten opsigte van 'n besondere vraag of stelling.

---

64. Vgl. bylae V.

65. Vgl. supra p. 143.

4.0 Betroubaarheid van gegewens

4.1 Die probleem van on-erns

Die vraelys as metode van ondersoek, eerste deur Galton gebruik en later deur Stanley Hall gepopulariseer, word, wat sy resultate betref, soms as metode bevraagteken omdat die ondersoeker geen norm het om vas te stel hoeveel van sy proefpersone die vraelys ernstig opgeneem het en hoeveel nie.[66] In die geval van die vraelys onder bespreking, is daar egter die volgende op te merk:

a) Toesighouers het vooraf die proefpersone ernstig op die hart gedruk dat alleen eerlike antwoorde 'n wetenskaplike resultaat daar sal stel wat vir die toekomstige godsdiensonderrig aan kolleges en ander inrigtings waardevol sal wees.

b) Die vrae gaan oor sake waaroor sekerlik meestens onbeduidend min Afrikaanse onderwysstudente ligsinnigheid sal openbaar.

c) In geen enkele geval, òf by die eerste òf by die tweede stap, is ligsinnige antwoorde gevind nie.

d) Gegewens verstrek deur deskundiges hier te lande en oorsee kom in hoofsaak ooreen met die resultate van hierdie vraelys.

4.2 Die probleem van leiding

'n Volgende beswaar teen die vraelysmetode is "dat de voorgelegde vragen geen vryheid laten de eigen vragen op te werpen".[67] Die proefpersone kan nie wyer reageer as wat die grense van die vraelys toelaat nie en gevolglik gaan daar 'n bepaalde leiding van die vraelys uit. Hierop moet twee aanmerkings gemaak word:

a) By die onderhawige vraelys is gepoog om dié probleem uit te skakel deur die sake waaroor dit in die vraelys gaan van die studente self onbevange te verkry.[68]

---

66. Cruze, W.W., op. cit., p. 3.

67. Langeveld, M.J. Inleiding tot de studie der paedogogische psychologie, p. 129.

68. Vgl. supra p. 142: "Eerste stap".

b) Uit die aard van die kompleksheid van die problematiek van geloofsekerheid volg dat een vraelys nooit volledig kan wees nie - wat dan ook nie die bedoeling met die onderhawige was nie.

5.0 Duidendheid

Met gebruikmaking van 'n elektroniese rekenaar is alle groepe [69] met alle groepe ten opsigte van elke vraag of stelling vergelyk met die oog op die vasstelling van duidendheid van afwykings of verskille. By die berekening van die duidendheid is uitgegaan van 'n 95% waarskynlikheidsbasis, wat die gebruiklike is.

6.0 'n Bespreking van die resultate van die vraelys

Wat die afsonderlike jaargroepe en die onderskeie geslagte betref, kan die stand van geloof en twyfel ten opsigte van elke vraag duidelik in tabel C afgelees word. [70]

Om die vraag-na-vraag bespreking wat hierna volg binne perke te hou, word die oog op die globale beeld en die hoofsaak gehou, dit wil sê soos dit vir mans en dames van die eerste tot die vierde jaar varieer.

6.1 Afdeling A van die vraelys

6.1.1 Geslag

Uit die voorafgaande samevatting van resultate van vroeëre ondersoeke blyk afdoende dat mans en dames beduidende verskille ten opsigte van geloof en twyfel openbaar. Ter wille van 'n ware wetenskaplike benadering moet die beeld van mans en dames, veral op hierdie leeftyd, afsonderlik geteken word. Daarom word die geslag van die proefpersone gevra. Origens is so 'n onderskeidende beeld van elke geslag ook nodig omdat 'n groot aantal klasgroepe in die onderwysersopleidingspraktyk geslagtelik homogeen is. Dit geld ook die koshuislewe.

---

69. Dit is 1/3, 2/3, 3/3 en 4/4 mans en 1/3, 2/3, 3/3 en 4/4 dames: 'n totaal van agt groepe.

70. D.i. bylae V.

6.1.2 Jaargroep

Vervolgens is die jaargroep waartoe die proefpersone behoort gevra: 1/3, 2/3, 3/3 of 4/4, dié groepe naamlik wat aan die onderwyskolleges aangetref word. Gegewens van jaargroepe is afsonderlik vir elke jaargroep verwerk om sodoende 'n beeld van elke jaargroep te kry. By vergelyking van die vier jaargroepe se antwoorde (resultate) kon ontwikkelingskurwes van geloof en twyfel ten opsigte van onderskeie vrae en ten opsigte van die vraelys as geheel bepaal word.

6.1.3 Ouderdom

Ook is die ouderdomsgemiddeld van mans en van dames vir elke jaargroep teen die helfte van die betrokke jaar (1 Julie 1966) bepaal. Sodoende kan die besondere lewensfase van die Afrikaanse onderwysstudent in Transvaal vasgestel word as van ± 17 tot ± 23. Aan die begin van die eerstejaar sal sommige jonger as 17 jaar en teen die einde van die vierde jaar sal meer as net die 9 wat in Julie reeds ouer as 23 was, ook weer verjaar het.

1) Die Afrikaanse onderwysstudent behoort dus klaarblyklik tot die laat-adolessensiestadium. [71]

2) Hieruit is dit ook duidelik dat by al vier jaargroepe die vroulike proefpersone oor die algemeen jonger as die manlike proefpersone van dieselfde jaargroep is.

(Vgl. tabel p. 148.)

6.1.4 Kerkverband [72]

Die kerkverband is met die volgende doel gevra: studente wat geen kerkverband het nie, sou ten opsigte van hulle geloof en twyfel vergelyk moes word met studente wat wel aan 'n kerk behoort. Slegs twee van die proefpersone het verklaar dat hulle geen kerkverband het nie; gevolglik kon 'n geldige vergelyking nie getref word nie.

---

71. Vgl. Prins, S.J., op. cit., p. 31.

72. Vgl. bylae IV.

Verspreiding van ouderdomme van jaargroepe

Jaar-groep	Geslag	Ouderdom										Totale aantal studente	
		17	18	19	20	21	22	23	24	25	25 +		
1/3	M	8	34	22	10	4	2	2	0	0	0	82	312
	D	31	140	52	7	0	0	0	0	0	0	230	
2/3	M	0	8	25	24	18	8	1	0	0	0	84	275
	D	0	25	119	42	5	0	0	0	0	0	191	
3/3	M	0	0	7	30	35	17	6	3	1	1	100	250
	D	0	0	17	96	31	4	2	0	0	0	150	
4/4	M	0	0	0	5	20	11	10	2	2	0	50	100
	D	0	0	0	9	32	8	1	0	0	0	50	
		39	207	242	223	145	50	22	5	3	1		937

Dit is verder vir 'n pedagogiese studie nie van besondere belang om te weet of die studente van een kerk oor die algemeen ten opsigte van een of meer vrae meer of minder twyfel openbaar nie. Al sou daar verskille wees, sou die onderwyskolleges of universiteite se opvoedkunde-fakulteite aan die kerke niks kon verander nie. Daarom is geen verskille in geloof tussen proefpersone van verskillende denominasies gesoek nie.

6.2 Afdeling B en C van die vraelys

6.2.1 Geloofsekerheid

Die sukses met die verwerkliking van die ideaal wat in hoofdeel EEN gestel is, naamlik geloofsekerheid, moet veral met vrae 1, 17 en 26 getoets word.

Vraag 1: "Glo u dat u die ewige saligheid sal beërwe?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	37.8	58.5	3.7	59.1	40.8	0
2/3	39.3	60.7	0	44.5	55.5	0
3/3	39.0	61.0	0	54.0	45.4	.7
4/4	44.0	54.0	2.0	68.0	32.0	0

Vraag 17: "Is u deur Jesus Christus gered?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	54.9	42.7	2.4	67.0	31.7	1.3
2/3	48.8	50.0	1.2	62.3	37.7	0
3/3	54.0	44.0	2.0	63.3	33.4	3.3
4/4	60 0	38.0	2.0	82.0	18.0	0

Hoewel vrae 1 en 17 op die oog af dieselfde inhoud het, het 'n groot aantal proefpersone tog duidelik vraag 17 geneem as 'n vraag na geloof al dan nie in 'n dogmatiese stelling: Jesus Christus het vir ons as mense se sondes gesterwe. Daarom is twyfel hier veel minder as by die op die man af gerigte vraag 1 waar die vraag na eie persóónlike saligheid nie misverstaan kon word nie. Die resultate van die reaksie op vraag 1 kom sekerlik die naaste aan die werklike stand van persoonlike geloofsekerheid by Afrikaanse onderwysstudente. Waarskynlik sal die T. (twyfel) en N.G. (negatiewe geloof) eerder nog meer as minder wees, aangesien die

neiging tot verswyging of ontkenning van die minder aangename of nie-korrekte meestal die uitslag van 'n vraelys effens gunstig beïnvloed.

Vraag 26: "Twyfel u of u in die geloof staande sal kan bly tot die einde van u lewe? /deurgaans/ dikwels/selde/nooit/.

Groep	Mans				Dames			
	Dg.	Dw.	S.	N.	Dg.	Dw.	S.	N.
1/3	25.6	31.7	26.8	15.9	10.4	23.9	38.3	27.4
2/3	21.4	28.6	33.3	16.7	8.9	30.4	39.8	20.9
3/3	19.0	28.0	33.0	20.0	12.7	24.0	37.3	26.0
4/4	16.0	28.0	32.0	24.0	2.0	20.0	54.0	24.0

Dg. = Deurgaans Dw. = Dikwels S. = Selde N. = Nooit.

Die reaksie op vraag 26 toon dat die meerderheid mans van alle jaargroepe "deurgaans" tot "dikwels" oor hulle eie geloofstoestand en eventuele saligheid twyfel. By die dames is dit egter anders gesteld: die meerderheid twyfel "selde" of "nooit", hoewel daar ook baie is wat "dikwels" twyfel.

Dit is by beide geslagte duidelik dat die twyfel metterjare minder hewig word: daar is 'n vermindering van dié wat "deurgaans" twyfel en 'n "vermeerdering (egter net by mans) van die aantal wat "nooit" twyfel nie.

Uit die opmerkings oor die reaksie op vrae 1, 17 en 26 kan nou samevattend gesê word:

1) Veel meer mans as dames twyfel. By vraag 1 waar die mans se twyfel in al vier jare meer is as die P.G. openbaar die dames 18% laer in die eerste, 5% laer in die tweede, 16% laer in die derde en 22% laer in die vierde jaar. Met uitsondering van die 5%-verskil in die tweede jaar is al hierdie genoemde verskille duidend: mans het veel minder geloofsekerheid as dames.

2) Sowel by mans as by dames is die twyfel aan eie verlossenheid die felste gedurende die tweede en derde jaar.[73] In die geval van beide geslagte

---

73. Vgl. supra A.2.0(5), d.i. p. 123.

impliseer dit dat studente wat na drie jaar afstudeer minder geloofsekerheid het as toe hulle in hulle eerste jaar was. [74]

3) Hoewel die verskil in persentasies (by vraag 1) laat dink dat daar na die vierde jaar toe 'n vermindering van twyfel en negatiewe geloof kom, is net die vermindering van N.G. (van 3/3 tot 4/4) by dames duidend. By vraag 26 is egter sowel die vermindering van die aantal dames wat "deurgaans" twyfel (12% tot 2%) as die vermeerdering van dié wat "selde" twyfel (37.3% tot 54%) aanduidend van 'n groeiende sekerheid of 'n vermindering van twyfel.

6.2.2 Wonderwerke (vrae 2 en 28c)

Dit gaan hier om geloof in die wonderwerke van die Bybel.

Vraag 2: "Glo u dat die verhaal van Jona, wat drie dae in die groot vis was, waar is?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	80.5	17.2	3.7	77.4	20.9	1.7
2/3	60.7	36.9	2.4	72.3	25.7	2.0
3/3	69.0	28.0	3.0	76.0	21.4	2.7
4/4	60.0	38.0	2.0	76.0	20.0	4.0

Vraag 28c: "Het 'n argument, bewering of standpunt wat 'n dosent gestel het (of in 'n handboek gestel is) u al ooit laat twyfel aan wonderwerke in die Bybel?" Ja/Nee/Onseker/.

Groep	Mans			Dames		
	Ja	Nee	On-seker	Ja	Nee	On-seker
1/3	14.6	81.7	3.7	5.7	89.1	5.2
2/3	19.0	73.8	7.1	4.7	89.0	6.3
3/3	14.0	79.0	7.0	4.0	89.3	6.7
4/4	14.0	78.0	8.0	6.0	86.0	8.0

Die oënskynlike vermindering van dames se twyfel

---

74. Vgl. voetnoot 27, p. 129.

(by vraag 2) is nie reëel nie; eweneens is die hoër persentasie 4/4 dames wat twyfel as gevolg van die standpunt van 'n dosent of handboek (vraag 28c) nie duidend nie. Die enigste geldige gevolgtrekkings wat gemaak kan word is:

1) Mans, eerstejaars uitgesonderd, twyfel meer as dames aan Jona se driedaagse verblyf in die vis. Ook is daar by mans van alle jaargroepe meer twyfel as by dames van die ooreenstemmende jaargroepe as gevolg van 'n dosent of handboek se standpunt of bewering.

2) Seniors openbaar meer twyfel oor Jona se verhaal as wat die geval met eerstejaars is (vgl. vraag 2). Na 'n geringe afname in die derde jaar is die twyfel van die 4/4 man weer opvallend hoog. Dié verhoging is egter nie noodwendig reëel nie.

6.2.3 Gebedsverhoring (vraag 3; stellings 13 en 15)

Vraag 3: "Word u gebede verhoor?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	67.1	30.4	2.4	70.0	30.0	0
2/3	59.5	40.4	0	68.1	31.9	0
3/3	67.0	33.0	0	72.7	26.7	.7
4/4	68.0	32.0	0	70.0	30.0	0

Stelling 13: "Dit was 'n geval van gebedsverhoring toe daar vroeër vanjaar, pas na die dag van gebed, oral mooi reëns uitgesak het."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	86.6	11.0	2.4	87.0	11.7	1.3
2/3	77.4	19.1	3.6	93.2	6.7	0
3/3	80.0	17.0	3.0	89.3	9.3	1.3
4/4	82.0	12.0	6.0	84.0	12.0	4.0

Stelling 15: "Gebede word verhoor."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	80.5	19.5	0	84.3	15.6	0
2/3	71.4	27.4	1.2	88.0	12.0	0
3/3	83.0	15.0	2.0	85.3	14.0	.7
4/4	80.0	20.0	0	88.0	12.0	0

1) Weer eens is dit opvallend, soos by 6.2.1, dat oor 'n van die proefpersoon gedistansieerde dogmatiese leerstelling minder getwyfel word as wanneer dit op die eie persoon betrek word. Dat gebede verhoor word (stelling 15), word makliker geglo as dat eie gebede verhoor word (vraag 3). Eie ervaring of belewing speel na alle waarskynlikheid hier 'n belangrike rol, want by vraag 3 waar die proefpersoon oor sy eie gebedslewe skou, word baie twyfel geopenbaar; en by stelling 13 waar die proefpersoon gekonfronteer word met die ervaring van die groot reëns wat (as "bewys") nog vars in die geheue is, is daar relatief min twyfel oor die verhoring van daardie gebede.

2) By mans is daar oor die algemeen meer twyfel oor die gebed as by dames. Nogtans is die verhoring van gebede ook by laasgenoemdes een van dié sake waaroor die meeste getwyfel word (tot 40% by 2/3 mans en 31.9% by 2/3 dames).

3) By 'n vergelyking van die jaargroepe skyn dit of tweedejaars die minste seker is van gebedsverhoring (vgl. stelling 13: 2/3 mans 19.1% teenoor 11.0% by 1/3's en 12.0% by 4/4's). Hierdie verskille by mans van verskillende jaargroepe is by duidendheidsberekening as nie noodwendig reëel nie bevind. In die geval van dames is die verskil van P.G. van 87.0% by 1/3's teenoor 93.2% by 2/3's 'n aanduiding van 'n ongewone verskynsel, naamlik dat 2/3 dames juis meer as die ander groepe glo dat die koms van die reën 'n geval van gebedsverhoring was. Dit is nie duidelik hoe dit verklaar moet word nie.

6.2.4 Sabbatsheiliging (stelling 4 en vraag 27)

Stelling 4: "Sport mag op Sondae as ontspanning beoefen word."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	40.2	43.9	15.9	63.9	24.8	11.3
2/3	56.0	28.5	15.5	60.7	23.6	15.7
3/3	51.0	33.0	16.0	60.0	28.0	12.0
4/4	52.0	28.0	20.0	66.0	20.0	14.0

Vraag 27: "Besoek u die kerk gereeld/periodiek/selde/nooit?"

Groep	Mans				Dames			
	G.	P.	S.	N.	G.	P.	S.	N
1/3	46.3	45.1	7.1	1.2	68.7	27.0	4.3	0
2/3	38.1	53.6	8.3	0	55.0	40.3	4.7	0
3/3	43.0	45.0	11.0	1.0	52.0	40.7	7.3	0
4/4	64.0	30.0	6.0	0	84.0	10.0	6.0	0

G. = Gereeld P. = Periodiek S. = Selde N. = Nooit

1) Daar is by eerstejaardames oor die algemeen 'n veel sterker oortuiging van die verkeerdheid van Sondagsport as by eerstejaarmans (63.9% P.G. teenoor 40.2%). Die verskil word in latere jare minder opvallend en selfs onbeduidend.

2) Die oënskynlike toename van N.G. vanaf die eerste tot die vierde jaar is by sowel mans as dames onbeduidend. Die persentasie wat egter twyfel oor die toelaatbaarheid van Sondagsport as ontspanning, of wat dit geoorloof vind, is opvallend hoog. So is daar byvoorbeeld vir elke 1/3 man wat dit ongeoorloof ag ook een wat twyfel, en vir elke drie twyfelaars een wat Sondagsport wel geoorloof ag.

3) Daar is 'n beduidende vermeerdering van P.G. en 'n afname van T. by mans vanaf die eerste na die tweede jaar - 'n verskynsel wat hom nie by die damestudente voordoen nie en waarvoor geen verklaring gevind kon word nie.

4) Blykens reaksie op vraag 27 is daar vanaf die

eerste na die derde jaar 'n beduidende afname in die persentasie "gereelde" kerkgangers en 'n toename van die aantal "periodieke" kerkgangers (byvoorbeeld vanaf 27% in die eerstejaar tot 40.7% in die derde jaar by dames). Die persentasies van dié wat "selde" of "nooit" die kerk besoek nie, bly oor al vier jare nagenoeg konstant en gering.

5) Onder die vierdejaars van beide geslagte is daar 'n verrassend hoër persentasie gereelde kerkgangers: by 4/4 mans is dit 64.0% teenoor 43.0% by 3/3's; by dames is dit respektiewelik 84% teenoor 52%. Die eienaardige verskynsel doen hom hier voor dat 4/4-studente wat nie soos 3/3's die vorige jare Godsdiensonderrig ontvang het nie tog beter kerkgangers is. Sou dit wees dat Godsdiensonderrig 'n behoefte bevredig wat dié, wat die vak nie bestudeer nie, in die kerk gaan "bevredig"?

6) Die reaksie op vraag 27 toon ook wat kerkgang betref 'n insinking by 2/3's: mans sowel as dames. By beide geslagte is die kerkgang in die derde jaar nog swakker as by 1/3's.

7) Damestudente is oor die algemeen gereelder kerkgangers as manstudente.[75]

6.2.5 Skepping en ewolusionisme (stelling 5; vrae 11 en 28a)

Stelling 5: "Die mens is nie direk deur God geskape nie maar indirek uit die laer dierlike vorms."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	79.3	14.8	5.9	93.9	3.9	2.2
2/3	80.9	4.8	14.3	86.4	6.8	6.8
3/3	83.0	9.0	8.0	85.3	6.0	8.7
4/4	68.0	14.0	18.0	84.0	6.0	10.0

1) Besonder opvallend is die hoër persentasie N.G. (18%) en T. (14%) en laer P.G. (68%) by 4/4 mans teenoor respektiewelik 8%, 9% en 83% by 3/3's. By 4/4 dames

75. Vgl. supra p. 138. Rees bevind dieselfde.

is die N.G. ook hoër as by die ander jaargroepe en hoewel hulle twyfel ongeveer konstant bly is die P.G. (84%) veel laer as by 1/3's (93.9%).

Oor die algemeen vertoon die vierdejaargroep dus 'n swakker geloof aan die skeppingsleer as die ander groepe. Ook by vraag 11 ("Is die Skeppingsverhaal van Gen. 1 volkome waar?") is daar 'n beduidend hoër persentasie N.G. ten opsigte van die waarheid van Gen. 1 by 4/4 mans (8%) as by 3/3 mans gevind (0%).

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	72.0	24.4	3.7	85.2	14.4	.4
2/3	72.6	25.0	2.4	78.5	20.9	.5
3/3	74.0	26.0	0	78.7	20.7	.7
4/4	74.0	18.0	8.0	88.0	12.0	0

Dat 4/4's beslis meer as ander groepe probleme ondervind met die skeppingsleer word ook bevestig deur die reaksie op vraag 28a: "Het 'n argument, bewering of standpunt wat 'n dosent gestel het (of wat in 'n handboek gestel is) u al ooit laat twyfel aan die waarheid van die Bybelse skeppingsverhaal?" Ja/Nee/Onseker.

Groep	Mans			Dames		
	Ja	Nee	On-seker	Ja	Nee	On-seker
1/3	14.6	70.7	14.6	10.9	78.7	9.1
2/3	15.5	75.0	9.5	13.1	70.2	16.8
3/3	15.0	71.0	14.0	14.7	76.7	8.7
4/4	24.0	68.0	8.0	12.0	84.0	4.0

24% van die 4/4 mans beweer dat 'n "argument, bewering of standpunt" van 'n dosent of handboek hulle laat twyfel het aan die waarheid van die skeppingsverhaal. By eerste-, tweede- en derdejaars van dieselfde geslag is die persentasies respektiewelik maar 14.6%, 15.5% en 15.0%.

2) Moet die aansienlike verskil tussen 3/3 diplomastudente en 4/4's (wat drie jaar akademiese opleiding deurloop het) toegeskryf word aan verskil in opleiding en leerstof? In 'n poging om lig op hierdie verskynsel te werp kan die volgende poneer word:

a) 3/3 studente het 2½ jaar [76] aan die kollege Godsdiensonderrig ontvang, die 4/4 studente pas 'n halfjaar. Eersgenoemde studente het dus aaneenlopend Godsdiensonderrig vanaf die skooljare ontvang; laasgenoemde het drie jaar lank dit nie gehad nie.

b) Daar is 'n verskil in opleiding en

c) in mindere mate ook in potensiaal.

Hierdie faktore bepaal waarskynlik die houding van studente ten opsigte van Skepping en ewolusie.

3) Die swakker houding van 4/4's in vergelyking met ander jaargroepe is by dames nie so duidelik soos by manstudente nie. Weliswaar is die P.G. en N.G. van 4/4 dames ten opsigte van die herkoms van die mens respektiewelik opvallend laer en hoër as by 1/3 dames, maar dit verskil nie juis van die 2/3's en 3/3's nie.

Wat sou die verklaring wees vir die betreklike afwesigheid by dames van die groot verskil in standpunt ten opsigte van Skepping (wat by 3/3 en 4/4 mans wel bestaan)?

a) Eerstens het die feit dat mans in die natuurwetenskaplike vakke oorweeg seker veel te make met die feit dat by mans die meeste probleme met die Skeppingsleer ondervind word.

b) Tweedens is dit kenmerkend van die reaksie op die hele vraelys dat die verskille tussen damesjaargroepe (ten opsigte van geloof en twyfel) veel geringer is as in die geval van mansgroepe. Dit vloei alreeds voort uit die feit van minder twyfel (oor die algemeen) by dames as by mans. [77]

c) Derdens (en dit verklaar ook (b)) neig dames minder na twyfel omdat hulle van nature oor die algemeen minder analitiese aanleg as die manlike geslag vertoon. [78]

4) Daar is waarskynlik by sommige proefpersone 'n

---

76. Ondersoek is in Junie gedoen.

77. Nelson se bevinding is ook dat dames groter konserwatisme as mans openbaar; vgl. supra p. 132.

78. Vgl. supra p. 123.

neiging om geloof aan die Bybelse Skeppingsverhaal (vraag 11) nie in stryd te sien met geloof dat die mens indirek uit die laer dierlike vorms geskape is nie (stelling 5). Want hoewel 18% mans en 10% dames van die 4/4-groep laasgenoemde standpunt huldig, is daar onder hulle tog slegs 8% mans en nie een dame wat die skeppingsverhaal nie aanvaar nie. Daar moet derhalwe 'n groepie wees wat aanvaar dat skepping en ewolusie ten opsigte van die menslike herkoms mekaar nie uitsluit nie maar op een of ander wyse harmonieer, byvoorbeeld deurdat die Skeppingsdae van so lange duur was dat die ewolusieproses hom binne daardie "dae" kon voltrek.

5) Dit is opvallend dat 2/3 proefpersone nie in die onderhawige stelling (5) of vrae (11 en 28a) 'n insinking tot benede die 1/3- of 3/3-peil toon nie. Dit moet waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die skeppingsgebeure aan die begin van die tweede jaar in Godsdiensonderrig doseer word (tot 1967).

6.2.6 Hemel en hel (stellings 6 en 9)

Stelling 6: "Daar is 'n hel"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	60.0	28.0	12.2	80.4	15.7	3.9
2/3	69.0	27.4	3.6	77.5	19.9	2.6
3/3	83.0	12.0	5.0	81.3	13.3	5.3
4/4	72.0	20.0	8.0	90.0	8.0	2.0

Stelling 9: "Daar is 'n hemel (nl. die woonplek van God)"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	91.4	6.1	2.4	90.4	9.1	.4
2/3	80.9	17.9	1.2	91.6	7.9	.5
3/3	93.0	7.0	0	90.7	7.3	2.0
4/4	90.0	8.0	2.0	88.0	10.0	2.0

1) Die reaksie op bogenoemde twee stellings openbaar 'n neiging om die aangename makliker as die

onaangename in die geloof te aanvaar.[79] So is daar byvoorbeeld 60% 1/3 mans wat aan die bestaan van 'n hel glo teenoor 91.4% wat aan 'n hemel glo.[80] Dit impliseer dat 31.4% van hierdie manstudente (91.4-60 = 31.4) aan 'n hemel maar nie aan 'n hel glo nie.

2) Dié verskynsel openbaar hom by mans die duidelikste in die eerste jaar maar by dames veral in die tweede jaar. Die neiging om die aangename te aanvaar en die onaangename te verdring word egter by alle jaargroepe aangetref.

3) By bestudering van die reaksie op hierdie twee stellings val dit ook op dat daar by mans 'n veel groter verskil in die reaksie op hemel en hel as by dames is. By mans is die verskil in reaksie (op stellings 6 en 9) in die eerste jaar 31.4% teenoor maar net 10.0% by dames van dieselfde jaargroep.

6.2.7 Kerk (vrae 7, 21 en 27)

Vraag 7: "Glo u dat die kerk waaraan u behoort in alle opsigte 'n suiwer leer het?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	60.0	37.7	2.4	68.7	29.1	2.2
2/3	56.0	41.7	2.4	63.9	33.5	2.6
3/3	59.0	38.0	3.0	62.0	36.0	2.0
4/4	58.0	30.0	12.0	66.0	28.0	6.0

1) Wat lojaliteit teenoor eie kerkleer in sy geheel betref, is daar groot onsekerheid by studente. Metterjare neem die N.G. toe, byvoorbeeld van 2.4% by 1/3 mans tot 12.0% by 4/4's en van 2.2% by 1/3 tot 6.0% in die vierde jaar by dames.

2) Hoewel die syfers 'n effens gunstiger beeld van die dames voorhou, is die verskil met die mans se

---

79. Dudycha het dieselfde bevind; vgl. supra p. 128.

80. Dudycha het 'n geloof in die hemel by 66% en in die hel by 44% van sy proefpersone gevind: vgl. supra p. 126.

reaksie nie duidend nie.

3) Die twyfel oor aspekte van die eie kerkleer bly so skommelend (en by mans selfs hewig) dat die P.G. by beide geslagte in die vierde jaar nog laer is as in die eerste jaar.

Vraag 21: "Is dit vir 'n Christen noodsaaklik om gereeld kerk toe te gaan?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	51.2	42.7	7.3	71.3	24.8	3.9
2/3	50.0	35.7	14.3	66.5	26.2	7.3
3/3	53.0	36.0	11.0	63.3	30.0	6.7
4/4	54.0	42.0	4.0	76.0	18.0	6.0

1) Die reaksie op vraag 21 toon weer eens aan dat damestudente oor die algemeen 'n meer positiewe houding teenoor kerkgang het as mans.

2) Daar is 'n neiging tot meer N.G. in die tweede jaar as in ander jare.

3) Daar is nie 'n beduidende toename in positiewe geloof nie.

4) Dit is uit reaksie van proefpersone op vraag 21 duidelik dat die kategetiese onderrig van ons kerke meer sal moet doen om die noodsaaklikheid van gereelde kerkgang by hulle tuis te bring.

Vraag 27 [81]: "Besoek u die kerk gereeld/periodiek/selde/nooit?"

1) Dames is gereelder kerkgangers as mans: uit die 4/4 groep besoek 84% dames teenoor 64% mans die kerk gereeld. [82]

2) By beide geslagte is daar 'n beduidende toename van "gereelde" kerkbesoek nadat 'n tydelike oorskuiwing of insinking na "periodiek" en "selde" in die tweede en derde jaar plaasgevind het. Die effense

---

81. Vgl. tabel op p. 154 supra.

82. Dit is ook Rees se bevinding: vgl. supra p. 138; vgl. ook Nelson se bevinding supra p. 130.

insinking gedurende hierdie twee jare moet gewyt word aan vryheid van vroeëre bande waarvan die gevolge eers na die eerste jaar intree.

3) By vergelyking van die gegewens op die deeltabelle van vrae 21 en 27 blyk dit dat 10% mans en 12% dames van die 4/4-groep gereeld die kerk besoek hoewel hulle twyfel aan die noodsaaklikheid van gereelde kerkgang. Klaarblyklik openbaar die mag van die gewoonte en iets van 'n saamlopige kuddegees hom hier.

4) By die 1/3, 2/3 en 3/3 studente is die teenoorgestelde as by 4/4's die geval, want by al drie diplomajare is daar meer studente wat gereelde kerkgang noodsaaklik ag as wat gereeld die kerk besoek. Die verklaring is moontlik dat hierdie drie jaargroepe, wat Godsdiensonderrig ontvang, weet wat reg is maar weens innerlike onstabiliteit tog nie (streng) daarvolgens leef nie.

6.2.8 Die God-mensverhouding (vraag 8: stelling 20)

Vraag 8: "Het u lewe werklik 'n doel en betekenis?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	73.2	24.4	2.4	72.2	26.1	1.7
2/3	64.3	34.5	1.2	67.5	31.4	1.0
3/3	74.0	25.0	1.0	78.0	20.0	2.0
4/4	76.0	22.0	2.0	76.0	24.0	0

Stelling 20: "Die Here stel persoonlik in u belang."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	79.3	19.5	1.2	88.3	11.8	0
2/3	71.4	27.4	1.2	80.1	19.9	0
3/3	80.0	20.0	0	88.0	12.0	0
4/4	78.0	20.0	2.0	82.0	16.0	2.0

Die vraag na die mens se lewensdoel en of sy lewe sinvol is (vraag 8) hang ten nouste saam met die mens se geroepenheid - en dus met die vraag of God met die mens persoonlik bemoeienis maak (stelling 20).

1) Weer eens is dit opmerklik dat tweedejaars die meeste twyfel openbaar aan die betekenisvolheid van hulle lewens en die bemoeienis van God en dat (gevolglik) die P.G. by hierdie groep oor die algemeen laer as by ander groepe is.

2) Daar is blykbaar geen verskil in die houding van die twee geslagte ten opsigte van geloof aan 'n eie lewensdoel nie, maar dames is tog minder tot twyfel geneig oor die vraag of die Here persoonlik in hulle belangstel.

3) Bereken op 'n 80% waarskynlikheidsbasis is die hoër T.- en laer P.G.-persentasie by 4/4's wel duidend van 'n beslis swakker oortuiging aangaande God se persoonlike bemoeienis of belangstelling as wat by 3/3's die geval is. Moontlik moet dit aan die volgende twee sake toegeskryf word:

a) 4/4 studente het gedurende hulle jare van akademiese studie (Bybelkunde-studente hier uitgesonderd) nie soos hulle mede diplomastudente Godsdiensonderrig ontvang nie. Die professionele student het vanaf sy eerste jaar in die Godsdiensonderrig voortdurend verneem van God se bemoeiinge met Israel, die kerk en indiwidue. Hierdie lering het die akademiese student natuurlik nie so voortdurend en intensief ontvang nie.

b) Daarby het die akademiese student ook by meer as een dosent in die sogenaamd neutrale wetenskap te doen gekry (om 'n voorbeeld uit die natuurwetenskap te neem) met aspekte van die kosmos en die wette daarvan wat as selfstandighede met gesag in sigself bestudeer is - sonder herleiding van daardie wette na die gesag van God die Skepper wat ook nog Onderhouer is. Gevolglik is die indruk van 'n deïstiese God gesuggereer wat wel 'n "Supreme Being" is [83] maar nie met die menslike node meeleef nie.

6.2.9 <u>Skrifgesag</u> (stellings 10 en 12; vrae 11 en 25)

Stelling 10: "Die Bybel is die Woord van God in sy geheel en in al sy dele."

---

83. Vgl. Rees se bevinding supra, p. 138.

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	83.0	16.1	1.0	89.6	10.4	0
2/3	75.0	25.0	0	87.4	12.5	0
3/3	87.0	13.0	0	88.0	11.3	.7
4/4	82.0	16.0	2.0	88.0	10.0	2.0

Vraag 11: "Is die Skeppingsverhaal van Gen. 1 volkome waar?" [84]

Vraag 25: "Lees u u Bybel gereeld/periodiek/selde?"

Groep	Mans			Dames		
	G.	P.	S.	G.	P.	S.
1/3	52.4	32.9	14.6	77.0	19.6	3.5
2/3	52.4	44.0	2.4	72.3	26.2	1.6
3/3	52.0	35.0	13.0	70.0	27.3	2.7
4/4	60.0	32.0	8.0	74.0	22.0	4.0

G. = Gereeld P. = Periodiek S. = Selde

1) Daar is by mans, meer as by dames, twyfel oor die Bybel as die Woord van God. Vergelyk byvoorbeeld die 2/3's by stelling 10. Hierdie gunstiger reaksie van die dames korrespondeer met hulle meer getroue Bybellees (vgl. vraag 25).

2) Weer eens is dit die tweedejaars van beide geslagte wat die meeste twyfel ervaar; by die dames is dit egter minder opsigtelik as by die mans.

3) Die reaksie op vraag 25 openbaar dat die onstabiele groep, naamlik die tweedejaars, die Bybel weliswaar nie "gereelder" as die ander groepe lees nie maar ook nie so "selde" soos hulle nie; met ander woorde: tweedejaars lees nie as groep meer gereeld die Bybel nie maar lees dit tog nie so selde soos ander groepe nie, sodat hulle 'n hoë persentasie het wat dit "periodiek" lees.

   Die verklaring hiervoor is hoogs waarskynlik dat die minder sekere tweedejaar in sy tye van vertwyfeling die Bybel "periodiek" aangryp as anker of

84. Vgl. deeltabel supra op p. 156.

rugsteun. Aan die anderkant is die inherente onstabiliteit van die 2/3 dan verantwoordelik vir die feit dat hy of sy tog ook weer nie die Bybel meer "gereeld" as ander jaargroepe lees nie.

4) Die erkenning van die historisiteit van die Bybelgebeure (vgl. vraag 2 en vraag 11; d.i. die verhaal van Jona en die Skeppingsverhaal) staan by 'n groot aantal studente vas. Nogtans is die twyfel so hoog as 36.9% by 2/3 mans (oor Jona) en 25% en 26% by onderskeidelik 2/3 en 3/3 mans oor die skeppingsverhaal - die sekere gevolg van ewolusionistiese of ander modernistiese denkbeelde. Besonder hoog is ook die twyfel by beide geslagte oor die vraag of die Bybel homself weerspreek, terwyl die aantal wat vas glo dat dit wel die geval is (20.2% by 2/3 mans byvoorbeeld) bewys lewer dat die erkenning van Skrifgesag ook onder die Afrikanerjeug nie so hoog soos vroeër staan nie.[85]

Stelling 12: "Die Bybel weerspreek homself".

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	61.0	27.1	11.9	63.9	26.1	10.0
2/3	46.4	33.4	20.2	56.0	35.1	8.9
3/3	64.0	20.0	16.0	67.3	22.0	10.7
4/4	70.0	16.0	14.0	78.0	16.0	6.0

6.2.10 "Moeilike Christelike leerstukke" (stelling 14; vrae 24 en 28(b), (d) en (e)).

Vraag 24: "Is dit vir u /moeilik/maklik/ om leerstukke wat die mens nie kan verstaan nie in die geloof te aanvaar as die waarheid? (Bv. die leerstuk van die Drie-eenheid of van die Uitverkiesing)."

Groep	Mans		Dames	
	Moeilik	Maklik	Moeilik	Maklik
1/3	54.9	45.1	43.9	56.1
2/3	58.3	41.7	48.7	51.3
3/3	47.0	53.0	43.3	56.7
4/4	42.0	58.0	26.0	74.0

85. Vgl. Rees se bevinding in dié verband, supra p. 139.

1) Miskien blyk die ontwikkeling in die geloofslewe van die student by geen vraag so duidelik as by vraag 24 nie. Dit is naamlik vir die meerderheid eerstejaarmans (54.9%) "moeilik" om genoemde of soortgelyke leerstukke te aanvaar; by tweedejaarmans is die posisie nog veel meer ongunstig (58.3%), maar by mans van die derde jaar is daar reeds 'n ommeswaai na meer wat die "maklik" (53.0%) as "moeilik" (47.0%) vind. By 4/4 mans is dit selfs 58.0% "maklik" en net 42.0% "moeilik" - en vir dames 74.0% teenoor 26% respektiewelik. Dieselfde ontwikkelingskurwe word dus by damestudente ook aangetref, egter met dié verskil dat die "maklik"-proefpersone by dames deurgaans oorwegend is.

Uit genoemde gegewens is twee sake duidelik:

a) Die neiging om te twyfel vermeerder tot die tweede jaar aan die onderwyskollege wanneer dit sy hoogtepunt bereik. Daarna neem dit geleidelik af.

b) Mans is geneig om meer as dames oor "moeilike" leerstukke te twyfel.

Stelling 14: "God is 'n drie-enige God, d.w.s. drie Persone in een Wese."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	85.4	8.5	6.1	91.3	7.4	1.3
2/3	84.5	13.1	2.4	89.5	9.9	.5
3/3	93.0	7.0	0	88.0	10.6	1.3
4/4	88.0	10.0	2.0	92.0	8.0	0

2) Reaksie van byvoorbeeld eerstejaarmans op stelling 14 toon aan dat hoewel 54.9% (vgl. vraag 24) van hulle dit moeilik vind om genoemde leerstukke te aanvaar tog slegs 8.5% T. en 6.1% N.G. oor die leerstuk van die Drie-eenheid uitgespreek word. Hieruit kan afgelei word dat die leerstuk van die uitverkiesing - die ander voorbeeld van 'n "moeilike" leerstuk - veel meer twyfel as eersgenoemde leerstuk tot gevolg het.

3) In vraag 28(b) gaan dit oor die leerstuk van die innerlike verdorwenheid van die mens. Dit lui: "Het 'n argument, bewering of standpunt wat 'n dosent gestel het (of wat in 'n handboek gestel is) u al ooit laat twyfel aan die feit dat die mens innerlik verdorwe is?"

Ja/Nee/Onseker.

Groep	Mans			Dames		
	Ja	Nee	Onseker	Ja	Nee	Onseker
1/3	29.3	45.1	25.6	13.9	68.3	17.8
2/3	25.0	46.4	28.6	17.8	60.2	22.0
3/3	20.0	68.0	12.0	12.0	67.3	20.7
4/4	16.0	76.0	8.0	10.0	72.0	18.0

4) Die reaksie op vraag 28(a) tot (e) is 'n ernstige aanklag teen hoër onderwys.

1/3 proefpersone beweer dat hulle in enkele maande (die vraelys is in Junie beantwoord) meer deur dosente en handboeke laat twyfel is oor genoemde leer as wat 3/3's of 4/4's oor 'n periode van jare ondervind het. Dié reaksie van eerstejaars moet waarskynlik uit die volgende verklaar word:

a) Eerstejaars is meer beïnvloedbaar omdat hulle onstabiel is.

b) Nogtans word die klag teen die dosent en handboek nie daardeur tot niet gemaak nie.

5) Die reaksie op vraag 28(d) dui op 'n werklike bevraagtekening van "die werklikheid van die sondeval" deur argumente, bewerings of standpunte van dosente en handboeke. Sekerlik moet hier nie soseer direkte teenargumente verstaan word nie, dog eerder 'n indirekte twyfel-skep as gevolg van 'n humanistiese antropologiese beskouing. Ongeveer een uit elke 10 mans en een uit 13 damestudente twyfel aan die werklikheid van die sondeval.

Groep	Mans			Dames		
	Ja	Nee	Onseker	Ja	Nee	Onseker
1/3	10.0	86.6	2.4	7.4	88.7	3.9
2/3	11.9	80.9	7.1	6.8	86.4	6.8
3/3	11.0	78.0	11.0	8.7	87.3	4.0
4/4	10.0	82.0	8.0	4.0	86.0	10.0

6) Benewens die reeds genoemde sake waaroor studente twyfel verklaar as gevolg van die invloed van dosent en boek is daar ook nog meer dergelike gevalle. Op vraag 28(e): "Het 'n argument, bewering of standpunt

wat 'n dosent gestel het (of wat in 'n handboek gestel is) u al ooit laat twyfel aan enige ander erkende Christelike waarheid?" was die reaksie tot so hoog as 17.9% by mans en 18.8% by dames van die tweedejaargroep.

Uit al die gegewens blyk dit dat ook aan die Afrikaanse Onderwyskollege 'n sekere "secularizing effect" deur studente ondervind word. [86]

6.2.11 Geloof in God (vraag 16; stelling 19)

a) Sy bestaan

Stelling 19: "God bestaan werklik."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	92.6	7.3	0	96.5	3.5	0
2/3	88.1	10.7	1.2	95.8	4.2	0
3/3	93.0	7.0	0	96.7	3.4	0
4/4	90.0	10.0	0	98.0	2.0	0

Die stelling waarop die hoogste persentasie P.G. deur proefpersone geopenbaar is, is die gedagte dat God werklik bestaan. [87] Die hoogste twyfelpersentasie hieroor word weer eens by 2/3 mans gevind. Nogtans vertoon dit 'n veel gunstiger beeld as wat Rees in sy ondersoek van Engelse studente blootgelê het. [88] By vergelyking van bevindinge van hierdie ondersoek met dié van Rees, Dudycha, Nelson en ander lyk dit geoorloof om te konkludeer dat die deursnee Afrikanerstudent meer geloof in God openbaar as wat met sy oorsese eweknie die geval is. [89] So 'n vergelyking hou egter nie rekening met die verskeidenheid konnotasies wat aan die begrip "God" geheg word nie.

---

86. Vgl. hierna p. 191.

87. Vgl. die bevindinge van Dudycha (supra p. 127) en Nelson (supra p. 131.

88. Vgl. supra p. 138.

89. Vgl. ook Van Doornik se bevinding van 12.0% en 10.9% twyfel oor God se bestaan as 'n Persoon by die Nederlandse jeug: supra p. 133.

b) Sy wese

Een vraag is oor die wese van God gestel:

Vraag 16: "As u dink aan al die lyding van mense en diere, glo u dan nog dat God goed en liefdevol is?"

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	85.4	14.6	0	90.0	9.5	.4
2/3	72.6	25.0	2.4	81.7	18.2	0
3/3	75.0	25.0	0	84.7	14.0	1.3
4/4	78.0	22.0	0	88.0	12.0	0

Vir 'n betreklike groot groep mans (byvoorbeeld 85.4% 1/3's) en dames (byvoorbeeld 90.0% 1/3's) was dit nie moeilik om die goedheid van God te rym met die lyding en ellende van mense en diere nie. Weer eens is dit egter die 2/3's (van beide geslagte) waarvan die P.G. minder is as in die eerste jaar en die T. veel hoër. Ook is die beeld wat die dames vertoon gunstiger as dié van die mans; 4/4 mans het byvoorbeeld 22.0% T. teenoor 12.0% by 4/4 dames openbaar. Dit is verder ook verontrustend dat die twyfel aan die goedheid van God blykbaar in die derde en vierde jaar meer is as by eerstejaars: by mans 22.0% T. by 4/4's teenoor 14.6% by 1/3's, en by dames 14.0% by 3/3's en 12.0% by 4/4's teenoor 9.5% 1/3's.

6.2.12 Seks

Stelling 18: "Seksuele omgang voor die huwelik is verkeerd."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	60.0	20.3	19.5	80.9	10.9	8.2
2/3	50.0	30.9	19.0	76.4	17.3	6.3
3/3	48.0	35.0	17.0	70.0	18.6	11.3
4/4	60.0	26.0	14.0	76.0	14.0	10.0

1) Die afwyking van die positiewe standpunt in die reaksie op stelling 18 is so hoog dat skrywer graag wil aanvaar dat die syfers nie reëel is nie weens een of ander misverstaan van die stelling. Die

Nederlander, Saal, se bevindinge is immers heelwat gunstiger onder die Nederlandse jeug.[90] Omdat 'n misverstaan nie aan die lig gekom het nie en ook nie waarskynlik lyk nie, kan die hoë negatiewe afwykingspersentasies nie daaraan sondermeer toegeskryf word nie. Daar is nie 'n kontrolevraag vir stelling 18 nie en derhalwe bestaan die moontlikheid dat by latere ondersoek hoër of laer persentasies bevind mag word.

2) Dat die verhouding tussen die twee geslagte by baie studente 'n rol by geloof en twyfel speel weens die las wat die geslagtelike ervaring (selfs in breedste sin: verbeelding inbegrepe) op die gemoedere en gewetens lê, word uit die reaksie op stelling 18 tog duidelik.

3) Daar is 'n toename van twyfel vanaf die eerste tot die derde jaar by sowel mans as dames oor die verkeerdheid van voorhuwelikse seksuele omgang. So twyfel 20% van die 1/3 mans teenoor 35% 3/3's en 10.9% 1/3 dames teenoor 18.6% 3/3 dames.

4) By vierdejaars van beide geslagte is die prentjie blykbaar gunstiger as by die 3/3's.

5) By mans is daar blykbaar 'n geleidelike afname van N.G. van die eerste na die vierde jaar. Dié afname is egter onbeduidend. By dames is die P.G. en die T. beduidend laer en hoër respektiewelik in die derde jaar as in die eerste jaar. Dan is dit egter nog gunstiger as by mans.

6) Die indruk word geskep dat die sedelike problematiek saam met die geloofsproblematiek hang - en by die student is dit veral vrae rondom die liefde.[91]

---

90. Vgl. supra p. 136.

91. Vgl. Anon. Studente verloor hulle ds. Kobus. Die Vaderland, 32 (9572): 17 kol. 2-5; 25 Oktober 1967: Na 13 jaar as studenteleraar verklaar ds. Potgieter van Universiteitsoord, Pretoria, dat veral twee soorte probleme die meeste onder studente voorkom: "Die eerste is allerhande vrae oor die geloof en die godsdiens, en die tweede wat hand aan hand hiermee gaan, is al die probleme rondom die liefde."

6.2.13 Die gesag van die ratio (stelling 22)

Stelling 22: "'n Mens behoort net dit wat jy met jou verstand kan bewys as waar te aanvaar."

Groep	Mans			Dames		
	P.G.	T.	N.G.	P.G.	T.	N.G.
1/3	63.4	31.7	4.9	64.8	28.2	7.0
2/3	50.0	34.5	15.5	60.2	32.0	7.9
3/3	67.0	27.0	6.0	69.3	22.0	8.7
4/4	78.0	20.0	2.0	92.0	8.0	0

Waterink verklaar dat godsdienstige twyfel by die puber en die vroeë adolessent in wese opstand van die menslike rede teen die wil van God is. [92] Stelling 22 is 'n poging om die bewering van Waterink ten opsigte van die laat-adolessent (die lewensfase van die onderwysstudent) te toets. [93]

Uit die reaksie op genoemde stelling blyk dit dat die jonger student meer as die ouer student tot intellektualisme geneig is. Teenoor 78.0% 4/4 mans en 92.0% 4/4 dames ontken slegs 50.0% 2/3 mans en 60.2% dames dat verstand die hoogste norm is.

Die afleidings is:

a) dat jonger studente meer as hulle seniors tot intellektualisme geneig is;

b) dat tweedejaars meer as enige ander jaargroep tot intellektualisme geneig is;

c) dat mans meer as dames tot intellektualisme geneig is. [94]

D. ALGEMENE SAMEVATTING

Die gevolgtrekkings waartoe hier gekom word, berus op die bevindinge van sowel vroeëre en tydgenootlike buitelandse ondersoeke, wat in Amerika, Engeland en

---

92. Puberteit, p. 156.

93. Vgl. die gelowig-kritiese en ongelowig-kritiese tipes van Saal, supra p. 135.

94. Vgl. Bandel, H.M.W. Rijpere jeugd en religieuze ontwikkeling, p. 153.

Nederland gedoen is en skrywer se eie ondersoek. Die gevolgtrekkings raak slegs die hoofsaak.

1.0 Die twee geslagte ten opsigte van geloofsekerheid

Daar is duidelike bewyse van groter konserwatisme, minder onstabiliteit in die geloofslewe en dus minder twyfel by dames as by mans.[95] Dit word deur skrywer se eie ondersoek afdoende bewys en dus bevestig.[96] Wanneer die somtotaal van die twyfelpersentasies van vrae 1 tot 22 bereken word, is die totaal van byvoorbeeld die 2/3 mans (te wete 650) veel hoër as die dames se totaal (488.8). Deurgaans is daar by dames meer positiewe geloof en minder negatiewe geloof as by mans gevind. Dit blyk ook uit 'n vergelyking van die somtotale van die P.G.-persentasies.[97]

Die verskil tussen die twee geslagte moet waarskynlik toegeskryf word aan:

1) die feit dat dames gouer tot rypheid ontwikkel;

2) dat mans meer tot analitiese denke geneig is as dames.

2.0 Jaargroepe ten opsigte van geloofsekerheid

Soos in vroeëre ondersoeke is die jaargroepe ook in hierdie ondersoek met mekaar vergelyk. Sover vasgestel kan word, is hierdie eie ondersoek die eerste oor geloof waarby al die jaargroepe betrek is. Dus is dit nie alleen moontlik om, soos by vorige ondersoeke, die junior-senior-verskille en -ooreenkomste aan te dui nie, maar om 'n ontwikkelingskurwe vir mans en dames oor jare heen te konstrueer ten opsigte van positiewe geloof, twyfel en negatiewe geloof.[98]

Uit die beskikbare gegewens is dit 'n bewese feit dat die deursnee tweedejaarstudent (ouderdom 19, 20) die minste sekerheid het. Sou dit die gevolg wees van die groter vryheid naskools en die nuwe en breër sosiale

---

95. Vgl. Nelson se ondersoek (supra p.130); ook Jones, E.S , op. cit., pp. 427-36; ook Saal supra p. 136

96. Vgl. supra p. 149 e.v.

97. Vgl. bylae V.

98. Vgl. bylae VI.

milieu wat hom op die student laat geld maar waarvan die gevolge eers in die tweede jaar merkbaar deurslaan?

In die derde jaar word oor die algemeen 'n skerp daling van twyfel en 'n ooreenstemmende styging van geloofsekerheid aangetref.[99] Hierdie toename in geloofsekerheid of positiewe geloof is egter maar tot ongeveer wat dit in die eerste jaar was. Wat 'n benouende feit as in gedagte gehou word dat hierdie derdejaarstudente dan reeds van hulle eerste jaar af Godsdiensonderrig ontvang het - van graad 1 af trouens!

Die 4/4 studente het hulle eerste drie jaar met akademiese studie aan 'n universiteit deurgebring. Oor die algemeen is daar 'n voortsetting van daling in twyfel: by mans veel minder as vanaf die tweede na die derde jaar; by dames weer meer. By 4/4 mans is daar, anders as by die dames, egter minder geloof en meer ongeloof as by derdejaars. Oor die algemeen is die twyfel in die vierde jaar minder, terwyl die positiewe én negatiewe geloof meer is as in die eerste jaar.

Uit die data van eie ondersoek kan nie, soos deur vroeëre ondersoekers gedoen, 'n geleidelike, volgehoue verswakking van die geloofslewe gekonkludeer word nie. Na die insinking in die tweede jaar is daar 'n snelle rektifikasie in die derde jaar, terwyl die vierde jaar 'n geringe verbetering op die derde jaar in die geval van dames is. Wat dus gebeur, is dat uit die chaotiese geloofslewe van die tweede jaar 'n aantal studente die verdere jare met meer negatiewe geloof, en 'n veel groter aantal studente dié jare met toenemende positiewe geloof tegemoet tree. Hieruit volg dat die twyfel by 'n groepie verduursaam en gevolg gee aan vermeerderde negatiewe geloof. 'n Veel groter groep keer egter uit die chaos van die tweede jaar terug na die positiewe geloof.

3.0 Onderwysersopleiding en geloofsekerheid

Daar is besliste aanduiding dat die opleiding, indien dit sogenaamd neutraal geskied, 'n sekulariserende

---

99. Vgl. ook Prins, S.J., op. cit., p. 33. Volgens hom is die persoonlikheidsontwikkeling sodanig dat die impulsiewe karakter van 'n onrealistiese denkwyse en taakverrigting vervaag en oorgaan tot 'n realistiese, soepele en buigbare hantering van die lewensproblematiek.

effek op die student se geloofsoortuigings het. [100]

4.0 Die stand van geloofsekerheid by Afrikaanse onderwysstudente

Vanuit teologiese gesigspunt gesien, is die "welwees" van geloof [101] veral deur vraag 1 van die vraelys getoets. Die karige 44.0% by 4/4 mans en 68.0% by 4/4 dames - as hoogste verklaarde geloofsekerheid by die twee geslagte - is uit perfeksionistiese standpunt skrikwekkend laag, veral as onthou word dat al hierdie proefpersone tot een of ander kerk behoort en verreweg die meeste reeds belydende lidmate is. Hoe dit met ander beroepsgroepe vergelyk, is onmoontlik om tans te sê, aangesien dié vraag nie in vroeëre ondersoeke hier te lande of oorsee aan ander beroepsgroepe gestel is nie. Dit is eweneens 'n ope vraag hoe dit met ander leeftydsfases sal vergelyk.

Tog kan uit die diagnose van die onderwysstudent afgelei word dat daar groot ruimte vir verbetering is en dat daar veel twyfel is wat teengegaan moet word. Opvoeders kan nie gelukkig voel oor die beeld wat deur ondersoeke blootgelê is nie. Die meerderheid Afrikaanse onderwysstudente het nie geloofsekerheid wat in hoofdeel EEN van hierdie verhandeling as ideaal gestel is nie, dog baie twyfel oor godsdienstige en sedelike sake as gevolg van faktore genoem in hoofstuk III.

In hoofdeel DRIE sal vervolgens besin moet word oor die implikasies wat sowel die ideaal (hoofdeel EEN) as die werklikheid (hoofdeel TWEE) van geloofsekerheid vir die onderwys het - meer besonders vir onderwysersopleiding, nog meer in die besonder vir die vak Godsdiensonderrig.

---

100. Vgl. voetnote 25, 26 en 27; vgl. ook Rees supra p. 137 e.v.; vgl. ook die ondersoek supra p. 156 e.v. ens.

101. Vgl. supra p. 40.